- e. R100 p.j.
- f. Die toekenning van hierdie beurs geskied deur 'n kommissie van kuratore. Kandidate moet Protestante wees, gebore in die OVS en moet in besit wees van die Matrikulasië- of 'n daarmee gelykstaande sertifikaat.

Aansoeke moet gerig word aan die Sekretaris, OVS-Onderwysdepartement, Posbus 521, Bloemfontein, 9300.

0-5

- a. CHRISTINE FERREIRA-FONDS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. -
 - f. Hierdie beurs word beskikbaar gestel vir die behoeftigste afstammeling van wyle hoofkommandant I.S. Ferreira, in lewe van De Stadesfontein, distrik Ladybrand. Voorgraadse sowel as nagraadse studente kan in aanmerking kom vir die toekenning van 'n beurs uit hierdie fonds. Daar word vereis dat die verwantskap van persone wat aansoek doen, met 'n beëdigde verklaring gestaaf word.
-

0-6

- a. CIBA-GLIGY-BEURS
 - b. Geneeskunde
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. 2 jaar
 - e. R300
 - f. 'n Beurs is beskikbaar gestel aan 'n verdienstelike student in sy/haar finale twee jaar van studie.
-

0-7

- a. DR. ALBERT WESSELS-STUDIEBEURSE
 - b. (i) Fakulteit van Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe
(ii) Departement Wiskundige Statistiek
(iii) Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. 1 jaar
 - e. R500 p.j.
 - f. Dr. Albert J.J. Wessels stel jaarliks 'n bedrag beskikbaar aan die Universiteit vir die toekenning van studiebeurse. Die volgorde van voorkeur by toekenning is uiteengesit onder b.
-

0-8

- a. DR. PIET DUVENHAGE-BEURSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. Rente-opbrengs van 'n bemaking
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n behoeftige seun.

0-9

- a. DR. T.E. DÜNGES - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. R500 p.j.
- f. Die beurse word toegeken op grond van finansiële behoefte, skolastiese prestasie van 'n hoë gehalte en voorbeeldige karaktereienskappe. Nuwe beurse word in die reël slegs aan voornemende eerstejaarstudente toegestaan.

'n Student wat reeds 'n ruim beurs(e) of beurslening(s) ontvang waarvan die terugbetaling nie absoluut verpligtend is nie, sal nie vir dié beurs kwalifiseer nie.

Aansoekvorms is by die Registrateur verkrygbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

0-10

- a. GREY KOLLEGE RE-UNIE - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R30 tot R60 p.j.
- f. Verskeie beurse word beskikbaar gestel aan studente wat oudleerlinge van die Grey Kollegesekool is of wie se vader 'n oudleerling van die skool was.

Aansoeke moet op 'n voorgeskrewe vorm voor die einde van Januarie gedoen word by die Ere-Sekretaris, Grey Kollege Re-Unie, Posbus 279, Bloemfontein, 9300.

0-11

- a. HAARBURGER-MUNN-BEURS
- b. Musiek
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R300 p.j.
- f. 'n Beurs word jaarliks vir 'n student in die Departement Musiek beskikbaar gestel. Studente wat verlang om vir die toekenning van hierdie beurs in aanmerking geneem te word, moet hul aansoeke by die Registrateur indien voor of op 31 Oktober van elke jaar.

Q-12

- a. HELPMEKAAR VAN DIE OVS-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R50 elk p.j.
- f. Twee beurse word jaarliks aan verdienstelike studente uit die OVS, Zambië en Rhodesië toegeken. Beurshouers moet lede van die Ned. Geref. Kerk, Geref. Kerk of die Ned. Hervormde Kerk wees.

Q-13

- a. HELPMEKAAR VAN DIE OVS-STUDIELENINGS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. -
- f. Die Hoofbestuur van die Vrystaatse Helpmekeer-vereniging oorweeg jaarliks die toekenning van 'n aantal lenings aan verdienstelike studente. Aansoeke om hierdie lenings word gerig aan die Hoofsekretaris, Posbus 399, Bloemfontein, 9300, voor of op 1 Oktober van elke jaar.

Q-14

- a. HELPMEKAAR VAN DIE OVS SE FANIE NAUDE-TOEKENNING VIR GELD- EN BANKWESE
- b. Geld- en Bankwese
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R150
- f. Die Hoofbestuur van Die Helpmekeer van die OVS het besluit om van 1969 tot 'n latere besluit 'n jaarlikse toekenning te doen aan die beste finalejaarstudent in Geld- en Bankwese.

Om vir die toekenning te kan kwalifiseer, moet 'n student minstens 70 persent behaal en ook die graad B.Com. in dieselfde jaar verwerf. Indien daar nie 'n student is wat in enige betrokke jaar vir die toekenning kwalifiseer nie, word daar nie 'n toekenning gedoen nie.

Q-15

- a. HOÛRSKOOL MODEL-BEURSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. Rente-opbrengs van die beursfonds
- f. Aangesien die HoÛrskool Model gesluit is, het die Skoolraad van die stad Bloemfontein besluit om die skoolfonds aan die Universiteit oor te betaal om in 'n beursfonds gestort te word.

Oudleerlinge van die Hoër- en Laerskool Model sal voorkeur geniet by die toekening van hierdie beurs(e). Indien geen aansoek van oudleerlinge van bogemelde inrigtings ontvang word nie, kan leerlinge van die stad Bloemfontein in aanmerking geneem word.

0-16

- a. ISAAC GREENBERG-BEURSFONDS VIR LANDBOUSTUDENTE
 - b. Landbou
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. Rente op 'n bedrag
 - f. 'n Bedrag is beskikbaar gestel waarvan die rente-opbrengs as 'n beurs aangewend word en beskikbaar gestel word aan behoeftige studente wat in 'n Landbou-riegting studeer.
-

0-17

- a. JACOBS - FAMILIE - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat of die Universiteit van Stellenbosch
- d. Maksimum 3 jaar
- e. Bedrag word bepaal na gelang van die behoefte van die applikant
- f. 'n Aantal beurse kan jaarliks aan behoeftige, verdienstelike kinders uit die testateur, wyle mnr. Jan Abraham Jacobs, se nageslag, wat lidmate van die N.G. Kerk is, toegeken word.

Aansoekvorms is by die Registrateur (Akademies) verkrygbaar en voltooide aansoeke moet vergesel word van 'n duidelike uiteensetting van die applikant se familieverband.

0-18

- a. JAMES ROBERTSON-BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. -
 - f. Deur die kuratore van die James Robertson-beursfonds word jaarliks 'n aantal beurse toegeken aan leerlinge uit die distrik Wepener. Aansoek moet gedoen word by die Sekretaris, OVS-Onderwysdepartement, Posbus 521, Bloemfontein, 9300.
-

0-19

- a. JAN BRITZ-STUDIEBEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. Rente op 'n bedrag

- f. As 'n spesiale legaat is aan die Universiteit 'n bedrag van R2 000 bemaak, die rente-opbrengs waarvan gebruik moet word om behoeftige Afrikanerseuns te help met studiebeurse.
-

0-20

- a. JAN HENDRIK VENTER-BEURSFONDS
b. Fakulteit van Natuurwetenskappe
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. -
e. Rente-opbrengs van 'n bedrag
f. 'n Bedrag is beskikbaar gestel die rente-opbrengs waarvan aangewend kan word vir die daarstelling van 'n beurs. Behoeftige en verdienstelike studente kan vir dié beurs in aanmerking kom.
-

0-21

- a. JOHAN BADENHORST-GEDENKBEURS
b. Regsgeleerdheid
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. -
e. Rente op 'n bedrag
f. 'n Beurs word jaarliks toegeken aan 'n voltydse ingeskrewe regstudent wat ook aan die onderstaande voorwaardes voldoen :
- Dat sodanige applikant ook 'n leidende rol op studentevlak sal speel en sodoende diens aan die Universiteit sal lewer
- dat die beurs na deeglike oorweging op grond van verdienstelikheid en behoeftigheid toegeken sal word.
-

0-22

- a. JOHN MICHAEL HANSEN-TRUST-BEURS
b. Geneeskunde
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. 3 jaar mits vordering bevredigend is
e. R200 elk p.j.
f. Twee beurse word toegeken aan studente wat hulle studies in die Medisyne wens te voltooi, en toekenning geskied op aanbeveling van die Fakulteit van Natuurwetenskappe.
-

0-23

- a. JOHN ROUERICK-GEDENKBEURS
b. Veekunde by voorkeur
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. -
e. R200 p.j.

- f. Hierdie beurs word beskikbaar gestel vir toekenning van die tweede studiejaar af. Die onderliggende doel is om 'n student behulpsaam te wees om 'n daadwerklike bydrae tot die landboubedryf te lewer. Verdienstelikheid is 'n groter oorweging as behoefte, aangesien die Direksie verwag dat die persoon die naam van die skenker waardig sal wees in later jare.
-

Q-24

- a. JOSEPH BAYNES-BEURSE
b. Landbou
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. 4 jaar
e. R400
f. Die beurs is beskikbaar vir manlike studente wat voornemens is om die B.Sc. Agric.-graad te behaal. Aansoeke moet in die eerste instansie aan die Registrateur gerig word.
-

Q-25

- a. MALCOMESSBEURS VIR LANDBOUSTUDENTE
b. Landbou
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. -
e. R150
f. Hierdie beurs is beskikbaar vir studente in die Fakulteit van Landbou wat hulle eerstejaarskursus met sukses aan die Universiteit voltooi het.
-

Q-26

- a. MERIETEBEURSE AAN AANDSTUDENTE
b. Onbeperk
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. -
e. -
f. Aandstudente kan van hulle tweede studiejaar af in aanmerking kom vir merietebeurse. Altesame kan 'n aandstudent nie meer as drie voorgraadse merietebeurse verwerf nie. Die toekenning van die beurse geskied nie outomaties nie, maar kan slegs oorweeg word nadat om 'n beurs aansoek gedoen is.
-

Q-27

- a. MIDDE-VRYSTAATSE SUIWELKOOPERASIE BEPERK - STUDIEBEURSE
b. Suiwelkunde
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. 4 jaar
e. R500 p.j.
f. Studente wat reeds een of meer jare studie voltooi het, kan ook aansoek doen.

Persone wat vir vier jaar van die beurs gebruik gemaak het, moet vir minstens 'n tydperk van drie jaar by die Koöperasie in diens tree

Aansoekvorms en nadere besonderhede is van die Tegnieese en Ontwikkelingsbestuurder, Midde-Vrystaatse Suiwelkoopoperasie Beperk, Posbus 9, Senekal, 9600, verkrygbaar.

O-28

- a. NASIONALE STUDIËLENINGS- EN BEURSFONDS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. Maksimum van R400 p.j.
 - f. Die Departement van Nasionale Opvoeding het 'n bedrag aan die Universiteit toegeken om deur die Universiteit gebruik te word vir die toekenning van studieleninge aan studente wat sodanig behoeftig is dat hulle sonder geldelike hulp uit die Fonds nie in staat sou wees om 'n universiteit by te woon nie. Aansoeke moet in die eerste instansie gerig word aan die Registrateur.
-

O-29

- a. NED. Geref. GEMEENTE, BLOEMFONTEIN-WES - BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. R50 elk p.j.
 - f. Twee beurse is beskikbaar vir studente wat in die gemeente woonagtig en lede van die Ned. Geref. Kerk is.
-

O-30

- a. NED. Geref. KERK VAN DIE OVS - BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. R50 elk p.j.
 - f. Veertien beurse word beskikbaar gestel aan verdienstelike studente wat lede is van die Ned. Geref. Kerk in die OVS.
-

O-31

- a. N.G. GEMEENTE, WEPENER - BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. R100 elk o.j.
 - f. Drie beurse word jaarliks beskikbaar gestel aan leerlinge van Wepener wat hul studies voltyds wil voortsit. Aansoeke moet aan die Skriba, N.G. Kerk, Wepener, 9944, gerig word.
-

0-32

- a. ORANJE - VROUEVERENIGING - STUDIEBEURS
 - b. Maatskaplike Werk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. R400 p.j.
 - f. Beurse word beskikbaar gestel aan voorgraadse studente. Nadere besonderhede is van die Sekretaris, OVV-Hoofbestuur, Sonopgebou 421, Bloemfontein, 9301, verkrygbaar.
-

0-33

- a. OTTO BACH-MUSIEKBEURS
- b. B. Mus.
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R300 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar gestel vir toekening aan 'n verdienstelike en behoeftige student na voltooiing van sy/haar eerste studiejaar.

Die beurs word toegeken deur die Beurs- en Leningskomitee van die Universiteit na oorlegpleging met die Hoof van die Departement Musiek.

Die volgende aspekte word deur die Beurs- en Leningskomitee in oorweging geneem :

- (i) Die finansiële posisie van die ouers
- (ii) die skriftelike prestasies
- (iii) die bekwaamheid van die student as uitvoerende kunstenaar
- (iv) die beurs is bedoel vir klavierstudente vanaf B.Mus.II.

Van 1972 af word daar van die beurshouer verwag om na Johannesburg af te reis en op 'n Saterdagmiddag gedurende Mei maand, (met reis- en verblyfkoste vergoed), deel te neem aan 'n konsert wat bestaan uit + 12 minuutuitvoerings deur Otto Bach-beurshouers aan die verskillende universiteite in Suid-Afrika. Om hierdie rede is die bekwaamheid as uitvoerende kunstenaar belangrik.

0-34

- a. OVS - RAAD VAN EKSAMINATORE - BEURSFONDS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. -
 - f. Jaarlikse rente op die fonds van die ou "OVS Raad van Eksaminatore" word gebruik vir 'n na-matrikulasiiebeurs vir Vrystaatse studente.
-

0-35

- a. PERSKOR VAN S.A. (EDMS.) BEPERK - BEURSE
- b. Kyk f
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -

- e. -
- f. PERSKOR stel jaarliks 'n sekere aantal beurse beskikbaar vir voor- en/of nagraadse studie.

Voorkeur word alleen gegee aan studente wie se studie tot nywerheidsvooruitgang in die breedste sin van die begrip sal lei, veral as dit op die Drukkersbedryf, die Perswese of Uitgewery van toepassing is, bv. Handal, Perswetenskap en Elektronika.

Daar word van beurshouers verwag om vir 'n sekere tydperk in diens van die Maatskappy te tree.

Aansoeke moet voor 31 Oktober aan die Administratiewe Groepbestuurder, PERSKOR, Posbus 685, Aucklandpark, 2006, gerig word.

0-35

- a. PIETER DE WAAL-BEURSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. -
- f. Geld word jaarliks beskikbaar gestel vir bourse aan goedgekeurde behoeftige studente wat aan die Universiteit studeer.
-

0-37

- a. PRESIDENT BRAND-BEURS
- b. Mynbou- of Ingenieurskursus by voorkeur
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. 2 of meer jare
- e. R120 p.j.
- f. Die Fakulteit van Natuurwetenskappe lê sy aanbevelings aan die Beurs- en Leningskomitee voor.
-

0-38

- a. REUNIEBEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. 1 jaar
- e. R100
- f. Die Reunie van Oudstudente bied jaarliks op grond van akademiese prestasie en veelsydigheid 'n beurs aan 'n eerstejaarstudent wie se ouer(s) vir hul eerste graad of diploma ook aan hierdie Universiteit gestudeer het.

Skryf om besonderhede aan die Sekretaris, Reunie van Oudstudente, Buro van Ontwikkeling en Openbare Betrekkings, Privaatsak X084e, Bloemfontein, 9300.

0-39

- a. RODERICKGROEP-BEURS VIR DIE BEVORDERING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING
 - b. Liggaamlike Opvoeding
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. R200 elk
 - f. Die Roderick-groep het besluit om drie beurse beskikbaar te stel. Studente en voornemende studente wat op sportgebied uitblink en geprester het, kan vir hierdie beurse in aanmerking kom.
-

0-40

- a. SAAMBOU-NASIONALE STUDELINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. -
- f. Die Saambou-Nasionale Bouvereniging het 'n bedrag van R5 000 aan die Universiteit geskenk. Die skenking word deur die Universiteit aangewend vir die instelling van 'n studieleningfonds waaruit lenings aan voltydse studente toegeken kan word.

Die fonds word deur die Universiteit geadmistreer op die voorwaardes wat van toepassing is op die Universiteit se eie studieleningfondse. (Kyk 0-50).

0-41

- a. SANDERS- EN HAVENGA-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R100 elk
- f. Twee beurse bekend as die Sandersbeurs en Havengabeurs word jaarliks toegeken.

Die beurse word beskikbaar gestel aan verdienstelike leerlinge wat aan die Hoërskole Koffiefontein en Fauresmith matrikuleer en voornemens is om aan die Universiteit te studeer. Skoolhoofde van die betrokke skole moet jaarliks hul aanbevelings aan die Registrateur voorlê vir deursending aan die Trustees.

0-42

- a. S.C. HOLTZHAUSEN - TEOLOGIEBEURS
 - b. Teologie
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. Rente-opbrengs van 'n bedrag
 - f. 'n Bedrag is beskikbaar gestel waarvan die rente-opbrengs aangewend word vir die beskikbaarstelling van 'n beurs aan voornemende teologie-studente wat hul studie voltyds aan hierdie Universiteit voortsit.
-

0-43

- a. SENEKAL (ROOIKRANS) - OPVOEDINGSFONDSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteite van die Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Maksimum van R1 500 vir 'n volle kursus
- f. Rente op lenings word bereken teen 2 persent per jaar. Lenings met rente daarop is terugbetaalbaar binne vyf jaar nadat die lener sy/haar studies gestaak het. Minstens twee bevredigende borge word vereis.

Aansoekvorms is by die Registrateur verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 November van elke jaar.

0-44

- a. STADSRAAD BLOEMFONTEIN - STUDELLENINGS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. Maksimum R100 p.j.
 - f. Lenings word deur die Stadsraad van Bloemfontein aan studente wie se ouers in Bloemfontein woonagtig is en wat hulle studies aan hierdie Universiteit wens voort te sit, beskikbaar gestel. Aansoeke op die voorgeskrewe vorms moet die Registrateur voor 1 Oktober vir die daaropvolgende jaar bereik. Geen vroue as borge of assuransiepolis as sekuriteit vir lenings word aanvaar nie.
-

0-45

- a. SUID-AFRIKAANSE PERMANENTE BOUVERENIGING - BEURS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. R250 p.j.
 - f. 'n Bedrag word jaarliks beskikbaar gestel vir die toekenning van 'n beurs of beurse aan verdienstelike behoeftige studente.
-

0-46

- a. SUID-AFRIKAANSE SPOORWEGVROUEVERENIGING - STUDELLENINGS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. Kyk f
- e. Kyk f
- f. Rentevrye studielenings, na gelang van die beskikbaarheid van fondse, word aan gekeurde kinders van Spoorwegpersoneel toegestaan. Voortsetting van bestaande lenings word jaarliks in die lig van universiteitsvorderingsverslae oorweeg.

Nadere besonderhede is van die Voorsitster, S.A. Spoorwegvrouevereniging, Posbus 266, Bloemfontein, 9300, verkrygbaar.

0-47

- a. SUIWELRAADBEURS
- b. Landbou - Suiwelkunde
- c. Universiteite van die Oranje-Vrystaat en Pretoria
- d. Maksimum 4 jaar
- e. R1 000 p.j.
- f. Van die beurshouer word verwag om na voltooiing van sy studies vir dieselfde aantal jare wat hy gebruik gemaak het van die beurs in diens van die suiwelbedryf te tree.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is van die Bestuurder, Suiwelraad, Posbus 1284, Pretoria, 0001, verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

0-48

- a. THOMAS ROBERTSON-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. 3 jaar
- e. R100 elk p.j.
- f. Twee beurse word jaarliks toegeken op grond van die uitslae van die Matrikulasiëksamen. Om vir hierdie beurse in aanmerking te kom, moet die kandidaat die leeftyd van minstens 15 jaar bereik het en ingebore Vrystater wees of minstens ses maande voor Oktober van die vorige jaar in die Vrystaat gewoon het.

Slegs die helfte van hierdie beurs word toegeken aan beurshouers wat by hul ouers of voogde in Bloemfontein kan inwoon en beurshouers wat nie in 'n koshuis van die Universiteit gehuisves is nie.

Nadere besonderhede is van die Sekretaris, OVS-Departement van Onderwys, Posbus 521, Bloemfontein, 9300, verkrygbaar.

0-49

- a. TOTAL OLIEPRODUKTE SE VOORGRAADSE STUDIEBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. 1 jaar
- e. R300
- f. R300 per jaar word aan elke universiteit beskikbaar gestel vir toekenning aan 'n student in die finale jaar. Die bedrag kan onder twee of meer studente verdeel word. Applikante moet 'n duidelike bewys van akademiese vordering toon en moet finansiële hulp nodig hê.

0-50

- a. UNIVERSITEITSLENINGE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -

- e. Maksimum bedrag van R200 p.j.
- f. Die studielenings kan aan verdienstelike studente toegeken word.

Aansoeke moet op die voorgeskrewe vorm, wat by die Registrateurskantoor verkrygbaar is, gedoen word.

Die rentekoers gedurende die tydperk van voltydse studie aan hierdie Universiteit is 4 persent per jaar, jaarliks vooruit bereken. Indien die student sy of haar studies staak, is die verskuldigde bedrag ooreenkomstig die voorwaardes van die lening, tesame met rente, onmiddellik betaalbaar.

Sodra die student sy of haar voltydse studies aan hierdie Universiteit voltooi het, word rente teen 6 persent per jaar jaarliks vooruit bereken.

As sekuriteit vir die lening teken die ouer/voog van die student of 'n ander goedgekeurde persoon as borg.

Die Raad behou hom die reg voor om sonder kennisgewing die rentekoers te wysig.

Die sluitingsdatum van aansoeke om studielenings is 31 Oktober van elke jaar.

0-51

- a. UOVS - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R30 - R250 elk p.j.
- f. Hierdie merietebeurse kan aan eerstejaarstudente toegeken word op grond van die uitslag van die Matrikulasië- of gelykstaande eksamen, mits hulle met 'n voldoende hoë standaard in die eerste klas geslaag het.

Senior studente se beurse word toegeken op grond van die uitslae van die universiteitseksamen. Studente kan ook op grond van finansiële behoeftes vir beurse in aanmerking kom. Elke aansoek word op eie meriete behandel.

0-52

- a. VRYSTAATSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS - JEUGKOORBEURSE
- b. Musiek
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. -
- f. Die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad stel jaarliks twee beurse beskikbaar aan oudlede van die Vrystaatse Jeugkoor wat ingeskrewe studente aan die Universiteit is en wat 'n voltydse musiekkursus volg, of onderrig in een of meer praktiese vakke aan die Musiekdepartement ontvang.

Aansoeke moet gerig word aan die Sekretaris, OVS-Departement van Onderwys, Posbus 521, Bloemfontein, 9300, voor 1 Maart van elke jaar.

0-53

- a. ARGITEKPRYSE
- b. Argitektuur
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat

- d. -
 - e. Boekpryse van R10
 - f. Boekpryse ter waarde van R10 word jaarliks aan die beste student van elke studiejaar geskenk.
-

0-54

- a. C.N.A. SE OPVOEDKUNDIGE DIENSTE - BOEKPRYS
 - b. Biblioteekkunde
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. Boekpryse van R20 (gesamentlike waarde)
 - f. Die bestuur van die Central News Agency se Opvoedkundige Dienste OVS bied jaarliks twee boekpryse aan die beste eerstejaarstudent en die beste tweedejaarstudent, onderskeidelik, aan die Universiteit.
-

0-55

- a. CONLIN-BOEKPRYS
 - b. Latyn
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. Boekprys van R10
 - f. Die boekprys word jaarliks toegeken aan die beste student in die senior Latynklas. Die toekenning geskied op aanbeveling van die Hoof, Departement Latyn.
-

0-56

- a. CORNELIS WESSELS MEDALJE IN CHIRURGIE
 - b. Chirurgie
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. 'n Medalje
 - f. 'n Medalje word jaarliks toegeken aan die beste finalejaarstudent. Die keuring van die student berus by die hoof van die Departement Chirurgie.
-

0-57

- a. DELMANCY-PRYS
 - b. Radiografiese Fotografie
 - c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. -
 - e. 'n Kamera
 - f. Die prys word toegeken aan die beste student.
-

0-58

- a. DR. P.E. DREYER-MEDALJE
- b. Diagnostiese Radiografie
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. Medalje
- f. 'n Medalje word toegeken aan die beste student na voltooiing van die tweejarige kursus.

0-59

- a. NASIONALE PERS BEPERK-BOEKPRYS
- b. Afrikaans
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. -
- f. Die Direksie skenk jaarliks 'n prys aan die beste eerstejaarstudent op aanbeveling van die Senaat.

0-60

- a. PRYSE VAN DIE INGELYFDE WETSGENOOTSKAPPE VAN DIE OVS
- b. Regsgeleerdheid
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. Geldprys
- f. Die ingelyfde wetsgenootskappe van die OVS bied jaarliks geldpryse aan die beste studente in die eerste, tweede, derde en vierde jaar in die Fakulteit van Regsgeleerdheid wat ingeskrewe klerke is.

0-61

- a. ROBERT AND CICELY WAHL PRIZE FOR ENGLISH
- b. Engels
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. R10
- f. Die prys word jaarliks aan die beste student in Engels I toegeken.

0-62

- a. S.A. UNIVERSITEITSVROUEVERENIGING-BOEKPRYS (TAK BLOEMFONTEIN)
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- d. -
- e. Boekprys van R10

- f. Genoemde Vereniging ken van tyd tot tyd 'n boekprys toe aan 'n danestudent op grond van verdienstelikheid, en volgens besluit van die Bestuur.

0-63

- a. TAFELBERGUITGEWERS BEPERK-PRYS
b. Afrikaanse Taalkunde en/of Letterkunde
c. Universiteit van die Oranje-Vrystaat
d. -
e. R50
f. Die Raad van Direkteure van die Tafelberg-Uitgewers (Edms) Bpk. skenk jaarliks genoemde bedrag vir toekenning aan 'n student wat gedurende die loop van die jaar besonder verdienstelike werk in vermelde vakke gelewer het.

Die prys is nie bedoel vir 'n addisionele projek waarvoor spesiaal meegeding word nie, maar ten opsigte van werk soos van die studente deur hul dosente in die normale loop van hul studies verlang word.

TOEKENNINGS BESKIKBAAR AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH

Beurse word toegeken op grond van eerstejaareksamenuitslae aan studente wat behoefte het aan finansiële ondersteuning, en is jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is.

Merietebeurse word toegeken op grond van eksamenuitslae wat op skool verwerf is. Hulle is jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is.

Tensy anders vermeld moet alle aansoeke gerig word aan die Registrateur, Universiteit van Port Elizabeth, Posbus 1600, Port Elizabeth, 6000.

PE-1

- a. A.H. MARCUSON-TEKSTIELBEURS
- b. Tekstieltegnologie
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. -
- e. R200 vir klas- en boekgelde per jaar
- f. Die beurs is beskikbaar vir studente met twee jaar praktiese ervaring in die tekstielbedryf.

Aansoeke moet voor 31 Desember aan die Registrateur gerig word.

PE-2

- a. DAVID REUNERT-MUSIEKBEURS
 - b. Lisensiaat of graadkursus in Musiek
 - c. Universiteit van Port Elizabeth
 - d. Duur van kursus
 - e. R360 p.j.
 - f. Aansoeke moet voor 30 September aan die Sekretaresse, S.A. Vereniging van Musiekonderwysers, Lawleylaan 3, Northcliff, Johannesburg, 2001, gerig word.
-

PE-3

- a. DR. A. SCHAUDER-GEDENKTOEKENING
- b. Sosiologie en Maatskaplike Werk
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. -
- e. -
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n student in die Intervakkomitee Sosiologie en Maatskaplike Werk. Kandidate word aangewys.

Aansoeke moet voor 30 November aan die Registrateur gerig word.

PE-4

- a. DYERS & COLOURISTS ASSOCIATION OF S.A. - BEURS
- b. Kleuring, Afwerking en Tekstielchemie
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. 1 jaar, kan hernieu word
- e. R100 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n student wat in Natal woonagtig is en wat in die hoofrigting genoem onder b studeer.

Aansoeke moet voor 31 Desember aan die Registrateur gerig word.

PE-5

- a. EDWIN KEEGAN-GEDENKBEURS
- b. Tekstielwetenskap
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. Duur van kursus
- e. Salaris van R100 per maand plus klasgelde en vervoerkoste
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n student tussen 17 en 30 jaar wat ongeveer een jaar opleiding by die fabriek in Worcester gehad het voordat hy met sy studies by UPE begin. Die beurshouer moet vir vier jaar by die Hex River Textile Mills (Edms) Bpk.werk nadat hy sy graad verwerf het.

Aansoeke moet gerig word aan : Die Administratiewe Bestuurder, Hex River Textile Mills (Edms) Bpk., Posbus 48, Worcester, 6850.

PE-6

- a. EREX-BEURS
 - b. Tekstielwetenskap
 - c. Universiteit van Port Elizabeth
 - d. 1 jaar, kan jaarliks hernieu word
 - e. R400 p.j.
 - f. Aansoeke moet voor 31 Desember aan die Registrateur gerig word. Erex (Edms.) Bpk. sal egter self 'n onderhoud met applikante voer voor die toekennig.
-

PE-7

- a. HOËRSKOOI PEARSON - MERIETEBEURS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van Port Elizabeth
 - d. -
 - e. R50 p.j.
 - f. Aansoeke moet aan die Skoolhoof, Hoërskool Pearson, Port Elizabeth, 6001, gerig word. Daar is geen sluitingsdatum vir aansoeke nie.
-

PE-8

- a. MIMMIE BOTHA - GEDENKTOEKENNING
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. 1 jaar
- e. R100
- f. Die beurs word toegeken aan 'n damestudent. Kandidate word gekeur. Aansoeke moet voor 30 November aan die Registrateur gerig word.

PE-9

- a. NEDBANK-LENINGS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. -
- e. R400 p.j.
- f. Die lening is beskikbaar van die tweede studiejaar af. Aansoeke moet voor 15 Januarie aan die Registrateur gerig word.

PE-10

- a. PHIL MORKEL / R. MÜLLER MUSIEK (OTTO BACH) - BEURS
- b. B.Mus.
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. 3 jaar
- e. R300 p.j.
- f. Die beurs word aan 'n tweedejaarstudent toegeken. Aansoeke moet voor 31 Desember aan die Registrateur gerig word.

PE-11

- a. S.A. WOLRAAD - BEURS
- b. Tekstieltegnologie
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. -
- e. R500 - R600 p.j.
- f. Aansoeke moet aan die Sekretaris, S.A. Wolraad, Privaatsak X256, Pretoria, 0001, gerig word. Die sluitingsdatum word jaarliks aan die einde van Oktober geadverteer.

PE-12

- a. STRAND MUSIC HOUSE / YAMAHA - BEURS
- b. Musiek
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. 2 jaar
- e. R200 p.j.

- f. Die beurs is beskikbaar vir toekenning aan 'n eerstejaar- B. Mus.- student. Aansoeke moet voor 30 September aan die Registrateur gerig word.
-

PE-13

- a. TOTAL OLIE-BEURS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Port Elizabeth
d. 1 jaar
e. R300
f. Die beurs is beskikbaar vir 'n student in die finale jaar van voorgraadse studie. Aansoeke moet voor 31 Desember aan die Registrateur gerig word.
-

PE-14

- a. UPE - BEURSE
b. Onbeperk
c. Universiteit van Port Elizabeth
d. -
e. (i) Meriete : R100 p.j.
(ii) Besondere meriete : R300 p.j.
(iii) Superieure meriete : R500 p.j.
f. Die beurse word toegeken aan studente wat besonder goeie akademiese uitslae verwerf het. Kandidate word op meriete gekeur. Geen aansoeke is nodig nie.
-

PE-15

- a. UPE - LENINGS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Port Elizabeth
d. -
e. (i) R600
(ii) Klaggelde
f. (i) Die lening is beskikbaar vir voltydse voorgraadse studente. Aansoeke moet voor 31 Oktober aan die Registrateur gerig word.
(ii) Die lening is beskikbaar vir deeltydse voorgraadse studente. Aansoeke moet voor 31 Desember aan die Registrateur gerig word.
-

PE-16

- a. UPE - MERIETEBEURSE
b. Onbeperk
c. Universiteit van Port Elizabeth
d. 1 jaar
e. R500
f. Die beurse word toegeken aan belowende skoliere vir hulle eerste jaar van studie op aanbeveling van die skoolhoof. Daarna kom hulle in aanmerking vir die Universiteit se beurse wat op meriete toegeken word. (Kyk PE-14).

Aansoeke moet voor 15 Augustus aan die Registrateur gerig word.

PE-17

- a. UPE - SPORTMERIETEBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. -
- e. R400 p.j.
- f. Toekenning van die beurse geskied op grond van besondere sportprestasies asook goeie eksamenuitslae. Geen aansoeke is nodig nie. Kandidate word aangewys.

PE-18

- a. VELDSPUN-BEURS
- b. Tekstieltegnologie
- c. Universiteit van Port Elizabeth
- d. Duur van kursus
- e. Alle gelde plus 'n toelaag van R100 per maand
- f. Die beurs is beskikbaar vir studente tussen 17 en 30 jaar. Een jaar opleiding by die Maatskappy voor registrasie by die Universiteit is 'n vereiste. Beurs-houers moet ook na voltooiing van hulle studies vir 4 jaar by die Maatskappy aansluit.

Aansoeke moet aan die Administratiewe Bestuurder, Fine Wool Products (S.A.) (Edms.) Bpk., Posbus 65, Uitenhage, 6230, gerig word.

TOEKENNINGS BESKIKBAAR AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOER ONDERWYS

BEURSE: Tensy anders vermeld moet aansoeke om beurse skriftelik gerig word aan die Registrateur, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520, voor 30 November.

LENINGS: Lenings word regstreeks of onregstreeks deur die Raad van die Universiteit beheer. Aansoekvorms is verkrygbaar by die Registrateur en aansoeke moet hom op of voor 30 September elke jaar bereik, tensy anders vermeld.

Studente word binne 'n redelike tyd in kennis gestel van die totale lening wat aan hulle toegeken is.

Leninghouers en hul borge verbind hulle op die betrokke ooreenkomsvorms tot terugbetaling van die kapitaal en rente. Rentekoers wissel op die verskillende lenings.

Alle leninghouers word ingeskakel by die Raad se Groepassuransieskema met SANLAM.

Lenings word nie in kontant aan studente uitbetaal nie, maar word in twee gelyke paaiemente gedurende die eerste en tweede semesters op studente se rekenings gekrediteer.

Leninghouers moet in een van die Universiteitskoshuise inwoon.

Lenings word van jaar tot jaar voor 30 September aangevra en word jaarliks hernieu onderworpe aan bevredigende gedrag en vordering.

Die totale leningskuld moet gewoonlik binne 5 jaar nadat die student voltydse studie gestaak het, ten volle in gereelde maandelikse paaiemente terugbetaal word.

Lenings is, op enkele uitsonderings na, slegs vir voltydse voorgraadse- en diploma-studie beskikbaar.

Indien 'n student sy studie voor voltooiing staak of sy studie elders gaan voort in 'n rigting wat hierdie Universiteit ook aanbied, is die geleende bedrag plus rente op aanvraag betaalbaar.

Vir alle lenings word twee borge vereis.

Lenings word slegs aan studente toegeken wat behoefte aan finansiële steun het. Applikante wat 'n graadkursus wil volg, moet universiteitsvrystelling verwerf en voornemende diplomastudente die skoolleindsertifikaat.

By alle eerste aansoeke om lenings moet 'n getuigskrif van die aansoeker se predikant ingesluit wees.

PU-1

- a. ABRAHAM KRUGER - GEDENKSTUDIEFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. Duur van kursus
- e. -
- f. Die lenings is beskikbaar vir afstammelinge van die skenker of ander kandidate as daar voldoende fondse is.

Die lening is rentevry vir voltydse studente gedurende die goedgekeurde studietydperk. Daarna word rente bereken teen 6 persent per jaar halfjaarliks vir leninghouers wat nie kinders van die skenker is nie, maar is rentevry vir sy kinders.

PU-2

- a. AFRIKAANSE PERS-BEURSE
- b. Perswetenskap
- c. PU vir CHO
- d. Duur van kursus
- e. R500 p.j.
- f. Die beurse is beskikbaar vir voor- en of nagraadse studie. Daar is diensvoorwaardes verbonde aan die beurs.

PU-3

- a. A.H. POTGIETER-STUDIELENINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R600 p.j.
- f. Kinders van lede van die ATKV (SAS & H) geniet voorkeur.

Van die datum van uitbetaling word op die geleende bedrag rente bereken teen 3 persent per jaar solank die leninghouer voltyds studeer. Wanneer die student die Universiteit verlaat, word rente op die uitstaande bedrag bereken teen 5 persent per jaar.

Eerste aansoeke moet by die ATKV (SAS & H), Posbus 4585, Johannesburg, 2000, ingedien word. By hernuwing moet aansoeke by die Registrateur ingedien word.

PU-4

- a. ANTON MOSTERT, KRUGER EN BEKKER - BEURS
- b. Regsgeleerdheid
- c. PU vir CHO
- d. -
- e. R600 p.j.
- f. Daar is diensvoorwaardes aan die beurs verbonde.

Aansoek moet voor 30 November by die Registrateur gedoen word.

PU-5

- a. CENTURY RADIO MUSIEKBEURS
- b. Musiek
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R60 p.j.
- f. Aansoeke moet aan die Hoof, Musiekkonservatorium, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520, gerig word.

PU-6

- a. C. H. O.-LENINGS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R50 - R300 p.j.
- f. Die lenings is beskikbaar vir lidmate van die Gereformeerde Kerk. Aansoeke moet vergesel wees van 'n aanbeveling van die betrokke Kerkraad.

Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studielenings van die Raad.
Kyk PU-58.

PU-7

- a. CIBA-GEIGY-BEURSE
- b. Farmasie
- c. PU vir CHO
- d. 2 jaar
- e. R200 p.j.
- f. Die beurse is beskikbaar vir verdienstelike farmasiestudente in hulle laaste twee studiejare. Studente word vir die beurse genomineer. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November.

Navraag moet by die Registrateur gedoen word.

PU-8

- a. CNA-BEURSE
- b. Biblioteekkunde
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar
- e. Drie beurse van R200 elk of twee beurse van R300 elk
- f. Die beurse word op meriete toegeken aan gegradueerde studente wat voltyds ingeskryf is vir die Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde of studente in die vierde studiejaar van die graad B.A.-Biblioteekkunde.

Aansoeke moet voor 1 Desember aan die Registrateur gerig word.

PU-9

- a. CORNER HOUSE - BEURSLENING
- b. Enige studierigting van belang vir die Groep
- c. PU vir CHO
- d. Duur van kursus
- e. R505 plus 'n kontanttoelaag
- f. Die beurslening is van die tweede studiejaar af beskikbaar. Die lening is rentevry. Leninghouers moet egter met die Corner House-groep 'n dienskontrak aangaan.

Nadere besonderhede is van die Registrateur verkrygbaar.

PU-10

- a. DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING-BEURSLENINGS
- b. Onbeperk, kyk ook f
- c. PU vir CHO
- d. 3 jaar, kyk ook f
- e. Kyk f
- f. Die beurslenings bedra R600 elk vir die eerste drie studiejare en R650 p.j. daarna vir studie in die Ekonomie of Geologie.

Kandidate kan vra dat hulle beurslenings in Staatsdiensbeurse omgeskep word wat dan by wyse van dienslewering afgelos kan word.

Aansoek moet voor 24 Maart by die Registrateur gedoen word.

PU-11

- a. DR. GERARD MOERDYK-BEURSFONDS
- b. Argitektuur, Beeldhou-, Skilderkuns en Metaalkunssmeery
- c. Verkieslik in Europa of Egipte
- d. -
- e. -
- f. Een beurs sal met tussenposes van twee jaar toegaken word. Slegs studente, oudstudiante of dosente van die Potchefstroomse Universiteit wat belydende lidmate van die Afrikaanse kerke is, sal vir 'n beurs in aanmerking kom.

Aansoeke moet aan die Registrateur gerig word.

PU-12

- a. ERFLATINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studielenings van die Raad. Kyk PU-58.

PU-13

- a. FERDINAND POSTMA-LENINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die lenings is beskikbaar vir behoeftige studente van die Gereformeerde Gemeente, Potchefstroom.

Die lenings is rentevry.

PU-14

- a. F.H. DU PLESSIS-ERFLATINGSBEURSFONDS
- b. Teologie of Onderwys
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die lenings is beskikbaar vir lidmate van die Gereformeerde Kerk.

Rente word van uitbetaling teen 3 persent per jaar halfjaarliks bereken terwyl leninghouers studeer. Wanneer die leninghouer die Universiteit verlaat, word rente halfjaarliks op die uitstaande bedrag teen 6 persent per jaar bereken.

PU-15

- a. FRANK ZEILER-STUDIULENINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studielenings van die Raad. Kyk PU-58.

PU-16

- a. GEDENKFONDS VIR CHRISTELIKE ONDERWYS
- b. Onderwys
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R250 - R400 p.j.
- f. Die lenings word beskikbaar gestel aan lidmate van die Gereformeerde Kerk. Aansoeke moet vergesel wees van 'n aanbeveling van die betrokke Kerkraad en 'n verklaring dat die aansoeker van voorneme is om na sy/haar studie tot die onderwysberoep toe te tree.

Die lening is rentevry vir voltydse studie. Wanneer die leninghouer die Universiteit verlaat, word rente halfjaarliks op die uitstaande bedrag teen 5 persent per jaar bereken.

PU-17

- a. GEDENKSTIGTING GEORGE EN ELIZABETH CALDERBANK
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar
- e. R200
- f. Die toekenning word gemaak aan die student wat aan die einde van sy eerste studiejaar, in die eerste plek goed gepresteer het, en tweedens behoefte aan finansiële steun het.

PU-18

- a. GEREFORMEERDE SUSTERS-LENINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Hoogstens R100 p.j.
- f. Die lenings word beskikbaar gestel aan dameslidmate van die Gereformeerde Kerk. By die aansoek moet 'n aanbeveling ingesluit word van die betrokke Kerkraad in oorleg met die susters van die gemeente waarin die applikant haar bevind.

Die lenings is rentevry. Leninghouers kan nadat die lening afgelos is 'n bedrag na hulle keuse tot die fonds bydra.

PU-19

- a. GOEDE - FAMILIESTUDIEFONDS
- b. Onbeperk - kyk f
- c. PU vir CHO of oorsee
- d. -
- e. -
- f. Lenings word beskikbaar gestel vir voorgraadse, nagraadse, teologiese of oorsese studie aan kinders of direkte afstammeling van mnr. en mev. P. Goede snr. en mnr. en mev. N. Tiemensma of aan kandidate wat deur die PU vir CHO of 'n direkteur van Goede en Kie (Edms.) Bpk., voorgestel word.

Lenings sal rentevry wees solank die leninghouer voltyds studeer. Daarna word 6 persent per jaar halfjaarliks op die uitstaande bedrag bereken.

PU-20

- a. GUY SUTTON-GEDENKBEURS
- b. Chemie of verwante rigting of Meganiese Ingenieurswese
- c. PU vir CHO
- d. 3 jaar; kan ook vir die vierde studiejaar toegeken word
- e. -
- f. Voorkeur sal gegee word aan behoeftige studente.

Aansoeke moet voor 30 September aan die Registrateur gerig word.

PU-21

- a. HAROLD'S / PAT'S ADMINISTRASIEBEURS
- b. B.Com. of Diplomas in Kosteberekening
- c. PU vir CHO
- d. 4 jaar
- e. Dek studiegelde en boeke
- f. Vier beurse is vir na-uurse studie beskikbaar.

Aansoeke moet aan die Sekretaris, Harold's / Pat's Organisasie, Posbus 161, Potchefstroom, 2520, gerig word.

PU-22

- a. HERMINA HANDHAWERSLENING
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Hoogstens R50 p.j.
- f. Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studieleenings van die Raad. Kyk PU-58.

PU-23

- a. J.H. DU RAAN-STUDIELENINGSFONDS
- b. B.Com.
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studieleenings van die Raad. Kyk PU-58.

PU-24

- a. JOSEPH - FAMILIEBEURS
- b. By voorkeur vir studie in Farmasie, Maatskaplike Werk of Musiek; daarna onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 3 jaar
- e. R400 p.j.
- f. Aansoek moet by die Registrateur gedoen word.

PU-25

- a. J.P. VAN DER WALT APTEEK-STUDIELENINGSFONDS
- b. Farmasie
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R100 p.j.
- f. Die lenings word beskikbaar gestel aan tweede- en derdejaar aptekerstudente. Die lening is rentevry vir voltydse studie. Wanneer die leninghouer die Universiteit verlaat, word rente halfjaarliks op die uitstaande bedrag teen 6 persent per jaar bereken.

PU-26

- a. JUBILEUMFONDS-BEURSLENINGS
- b. Teologie
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R190 p.j.

- f. Die lenings word hoofsaaklik vir voornemende teologiese studente in hulle eerste jaar beskikbaar gestel. Aansoekers moet lidmate van die Gereformeerde Kerk wees en by hulle aansoek 'n mediese sertifikaat van goeie gesondheid insluit.

Die lenings is rentevry. Indien leninghouers hulle teologiese studie voltooi, word die geleende bedrag as 'n beurs beskou. Andersins is die beurs terugbetaalbaar. Alle leningsbeurshouers moet by die groepsversekeringskema inskakel en die vasgestelde premie betaal.

PU-27

- a. KLERKSDORPSE AFRIKAANSE SAKEKAMER-MERIETEBEURS
b. Onbeperk
c. PU vir CHO
d. -
e. -
f. Die merietebeurs is beskikbaar gestel aan 'n leerling uit die gebied wat deur die hoërskole van Klerksdorp, Orkney of Stilfontein gedek word. Dit word toegeken op grond van buiteskoolse prestasie aan matrikulante wat nie vir ander merietebeurse kwalifiseer nie.

Verdere inligting is van die Registrateur(Akademies) verkrygbaar.

PU-28

- a. KLERKSDORPSE MYNBYSTANDSVERENIGINGBEURSE (K.D.M.)
b. Farmasie
c. PU vir CHO
d. -
e. R500 p.j. elk
f. Twee beurse word aan vierde- en vyfdejaarstudente toegeken. Die beurse is slegs vir lede en afhanklikes van die Vereniging beskikbaar. Dit is onder sekere voorwaardes nie terugbetaalbaar nie.

Nadere besonderhede is van die Sekretaris-bestuurder, K.D.M., Posbus 326, Klerksdorp, 2570, verkrygbaar.

PU-29

- a. MALAN-FAMILIE-BEURS
b. Onbeperk
c. PU vir CHO
d. -
e. -
f. Die beurs word toegeken soos die fondse beskikbaar is en is bedoel vir behoeftige en/of verdienstelike persone met die geboortevan Malan.

Aansoek moet voor 30 September aan die Registrateur gerig word.

PU-30

- a. MALAN MEUBILEERDERS-STUDIELEENINGSFONDS
 - b. Onbeperk
 - c. PU vir CHO
 - d. 1 jaar, hernieubaar
 - e. Soos beskikbaar
 - f. Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studieleenings van die Raad. Kyk PU-58.
-

PU-31

- a. MERIETEBEURSE VAN DIE RAAD VAN DIE PU VIR CHO
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. -
- e. Kyk f
- f. Merietebeurse word soos volg toegeken :

(i) Vir prestasies in die matrikulasiëksamen

Eerste klas	R 30
Eerste klas met een onderskeiding	R 50
Eerste klas met twee onderskeidings	R 70
Eerste klas met drie onderskeidings	R 110
Eerste klas met vier onderskeidings	R 160
Eerste klas met vyf onderskeidings	R 220
Eerste klas met ses of meer onderskeidings	R 300

(ii) Vir leierskap

Aan alle hoofseuns en hoofmeisies van hoërskole wat by die Universiteit as studente inskryf, word 'n merietebeurs van R100 gedurende die eerste studiejaar toegeken. Kandidate doen nie om dié beurs aansoek nie.

(iii) Vir ander prestasies

Merietebeurse word ook vir ander prestasies as akademiese prestasies toegeken, soos vir sport, kuns, kultuur, ens. Hierdie beurse is beskikbaar vir eerste-, tweede- en derdejaarstudente en die grootte van die beurse wissel van R100 tot R500 per jaar. Kandidate doen nie om dié beurse aansoek nie. Dit word toegeken aan studente en voornemende studente wat op landswye grondslag op een of ander gebied besonderlik uitmunt.

Studente wat met T.O.D.-beurse studeer, kom nie outomaties vir dié beurse in aanmerking nie.

(iv) Vir tweede- en derdejaarstudente

Vir tweedejaarstudente wat aan die einde van hul eerste jaar 'n gemiddeld van 75 persent in die voorgeskrewe aantal vakke behaal het - R250.

Vir derdejaarstudente wat aan die einde van hul tweede jaar 'n gemiddeld van 75 persent in die voorgeskrewe aantal vakke behaal het - R300.

Verdere besonderhede kan van die Registrateur verkry word.

PU-32

- a. MIEN HAMERJMA - SANGBEURS
- b. Sang
- c. PU vir CHO
- d. -
- e. R60 p.j.
- f. Die beurs word aan 'n belowende student in sang toegeken. Aansoek moet by die Registrateur gedoen word.

PU-33

- a. MUSIEKKONSERVATORIUM-BEURS (PU VIR CHO)
- b. Musiek
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar
- e. R60
- f. Studente moet by die Hoof, Musiekkonservatorium, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520, aansoek doen.

PU-34

- a. NASIONALE STU DIELENINGS- EN BEURSFONDS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die lenings word beskikbaar gestel aan studente wat in die reël skolasties nie sodanig gepresteer het dat hulle vir 'n ander beurs of lening in aanmerking kom nie, maar wat die vermoë besit om 'n graad of diploma te behaal.

Die lening is rentevry vir voltydse studie. Na voltooiing van studies word rente teen 6 persent per jaar bereken.

PU-35

- a. NEDBANK - STU DIELENINGS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO
- d. Duur van kursus
- e. Tot R600 p.j. met 'n maksimum van R2 000 vir hele studiekursus
- f. Lenings is beskikbaar vir manstudente wat hul eerste jaar suksesvol voltooi het. Voorwaardes is by die plaaslike tak van die Nedbank verkrygbaar.

PU-36

- a. NEDERLANDSE BANK VAN SUID-AFRIKA - STU DIELENINGS
- b. Onbeperk
- c. PU vir CHO

- d. Maksimum 5 jaar
- e. R400 p.j.
- f. Lenings is beskikbaar vir manlike studente wat dit finansieel moeilik vind om na voltooiing van hul eerste studiejaar hul studies voort te sit.

Rente word teen $5\frac{1}{2}$ persent per jaar bereken.

Aansoek moet by die Bestuurder, Posbus 124, Potchefstroom, 2520, gedoen word.

PU-37

- a. NORISTAN LABORATORIA - BEURSE
- b. Farmasie
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar
- e. R400
- f. Die beurse is beskikbaar gestel aan finalejaarstudente wat burgers van die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika of Rhodesië is. Skolastiese sowel as finansiële omstandighede word in aanmerking geneem.

Studente moet voor 30 November aan die Hoof, Departement Farmasie, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520, skryf.

PU-38

- a. OTTO BACH-MUSIEKBEURS
- b. Musiek
- c. PU vir CHO
- d. 3 jaar
- e. R300 p.j.
- f. Een beurs word aan 'n behoeftige en verdienstelike B.Mus.-student na voltooiing van sy/haar eerste studiejaar toegeken.

Studente moet voor 30 November aan die Registrateur skryf.

PU-39

- a. P.A. OPPELMAN-BEGIFTIGINGSFONDS
- b. Teologie
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Soos beskikbaar
- f. Die lenings word beskikbaar gestel aan teologiese studente van die Gereformeerde Kerk.

Die rentekoers is dieselfde as dié vir die studielenings van die Raad. Kyk PU-58.

PU-40

- a. PARTIKULIERE SINODE VAN KAAPLAND EN SWA-LENINGS/BEURSE
- b. Onderwys
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R150 p.j.
- f. Applikante moet lidmate van die Gereformeerde Kerk wees. By aansoeke moet verklarings van die applikant se predikant, skoolhoof en geneesheer ingesluit word. Aansoeke moet aan die Skriba van die Deputaatskap vir C.N.O. gerig word. Die adres is by die Registrateur verkrygbaar.

Die lenings is rentevry terwyl die student voltyds studeer. Na voltooiing van studie moet die beursleninghouer een jaar onderwys gee in die ressort Kaapland en SWA vir elke jaar wat die leningbeurs ontvang is. Andersins is die bedrag plus 7 persent rente terugbetaalbaar.

PU-41

- a. POTCHEFSTROOM HERALD-BEURS
- b. Farmasie
- c. PU vir CHO
- d. 1 jaar
- e. R100
 - f. Die beurs word toegeken aan 'n student wat aan die Hoër Meisieskool Bloemhof, Stellenbosch, gestudeer het en die skoolleindeksamen aldaar afgelê het.
-

S-29

- a. ELISE DE VILLIERS-GEDENKBEURS
 - b. Vioolstudie
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R100 p.j. vir een of meer beurse
 - f. Die beurs word verdeel onder begaafde studente wat deur die Direkteur van die Konservatorium vir Musiek aanbeveel word. Geen aansoeke word vereis nie.
-

S-30

- a. ELISE VISSER-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R40 tot R100
- f. Studente wat aan die vereistes (ten opsigte van verdienstelikheid) van die Universiteit van Stellenbosch-beurse (kyk S-105 en S-106) voldoen en behoeftig is, en wat aan die N.G. Kerk van Kaapland behoort, kom vir hierdie beurse in aanmerking. Voorkeur word gegee aan applikante wat in die distrikte Wellington en Paarl gebore is.

Aansoek moet gedoen word op 'n afsonderlike voorgeskrewe vorm wat by die Registrateur (Akademies) verkrygbaar is.

S-31

- a. ELIZABETH LOUW-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 4 jaar
- e. R300 p.j.
- f. 'n Beurs word elke vier jaar beskikbaar gestel aan 'n behoeftige seun of dogter van 'n gepensioeneerde (of oorlede gepensioeneerde) of oorlede amptenaar of werknemer van die SAS en H (Westelike Kaapse Spoorweggebied) wat 'n lid van die SAS en H se pensioenfonds is of was. Kinders van oorledenes sal voorkeur geniet.

Getuigskrifte van die skoolhoof en 'n predikant, asook 'n bewys dat die betrokke (oorlede) amptenaar in die Wes-Kaap werk (of gewerk het) is 'n vereiste.

S-32

- a. ELIZABETH MARAIS-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch. Kyk ook f
- d. Maksimum van 3 jaar

- e. R200 p.j.
- f. 'n Aantal beurse is beskikbaar gestel vir toekenning aan direkte afstammeling van Abraham Barend de Villiers en Theophile Antonia de Villiers (gebore Van der Lingen). Die beurse is bedoel vir studie aan dié Universiteit, maar indien daar in 'n bepaalde jaar geen sodanige aansoeke is nie, is die beurse ook beskikbaar vir studie aan 'n ander universiteit of in die buiteland.

Aansoeke, in briefvorm, moet 'n duidelike uiteensetting gee van die applikant se familieverband.

S-33

- a. ELSIE CECILIA McDERMID-BEURSE
 - b. Bosbou
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R200
 - f. 'n Beurs is beskikbaar vir toekenning aan 'n verdienstelike en behoeftige tweede- of derdejaarstudent.
-

S-34

- a. FAK-BEURSE
 - b. Musiek en/of Sang
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. 1 jaar
 - e. Klas- en losiesgelde
 - f. Twee beurse word jaarliks beskikbaar gestel vir studente wat 'n kursus aan die Konservatorium vir Musiek volg. Die FAK beveel studente by die Universiteit vir dié beurse aan. Aansoekvorms is verkrygbaar van die Hoofsekretaris, FAK, Posbus 8711, Johannesburg, 2000, en aansoeke moet die FAK vóór 15 Oktober bereik.
-

S-35

- a. FEDERALE VOLKSBELEGGINGS-BEURS
 - b. Ingenieurswese, Handel, Natuurwetenskappe of Regsgeleerdheid
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. Duur van kursus
 - e. R300 p.j.
 - f. Aangesien hierdie beurs gewoonlik vir die duur van 'n kursus toegeken word, gebeur dit dikwels dat daar geen nuwe beurs vir 'n betrokke jaar beskikbaar is nie. Voornemende applikante moet dus by die Universiteitskantoor navraag doen voordat hulle aansoek doen.
-

S-36

- a. F.W. KNACKE-BEURS
- b. (i) Onderwys
(ii) Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus

- e. R750 p.j.
- f. Twee beurse word toegeken aan verdienstelike en behoeftige studente wie se huis-taal Duits is. Een van die beurse is beskikbaar vir studente wat 'n onderwysrigting volg met die oog op onderwys aan die Kaapstadse Duitse skool, mits dienste nodig is.

S-37

- a. GEORGE BLAKE-BEURS
- b. Ingenieurswese
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R100 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n student uit die Kaapprovinsie.

S-38

- a. GEORGE HOME-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R400
- f. 'n Beurs is beskikbaar vir 'n behoeftige student wat, in orde van voorkeur, by die volgende skole gematrikuleer het : Seun uit die Hoërskool Worcester; meisie uit die Hoërskool Worcester; seun uit die Hoërskool Worcester-Noord; meisie uit die Hoërskool Worcester-Noord; matrikulant van 'n skool op Stellenbosch.

S-39

- a. GRANDR PASSI-BEURS
- b. Voedselwetenskap
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar; hernieubaar
- e. R250 p.j.
- f. Een beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige student in enige studie-jaar. Toekenning geskied deur die Hoof van die Departement van Voedselwetenskap en die Dekaan van die Fakulteit van Landbou.

Aansoeke moet vóór 1 Maart gerig word aan die Hoof, Departement van Voedselwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600.

S-40

- a. GROENEWALD-GEDENKSTIGTING-BEURSLENINGS
- b. Landbou
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Wisselend
- f. 'n Aantal beurslenings is beskikbaar vir behoeftige studente, by voorkeur uit die distrikte Bredasdorp en Napier. Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar by die Saakgelastigde, N.G. Kerk in S.A., Posbus 144, Kaapstad, 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

S-41

- a. HANS MERENSKY-BEURSE
- b. Bosbou
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 4 jaar
- e. R500 p.j.
- f. Vier voorgraadse beurse waarvan een elke jaar aan 'n eerstejaarstudent beskikbaar is vir die duur van sy kursus, word toegeken. Van beurshouers word verwag om vir ten minste een lang vakansie - teen vergoeding - by Westfalia-Landgoed, N.Tvl. te werk.

S-42

- a. HOFMEYR- EN DE VOS-BEURSE
- b. Teologie en Maatskaplike Werk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Kyk f
- e. R100 p.j. elk
- f. Die rente op 'n bedrag is beskikbaar vir die toekenning van beurse aan behoeftige studente. Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting van die beurse.

S-43

- a. HOOFSEUNS EN -MEISIES - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R150
- f. Dertig beurse is beskikbaar vir toekenning aan hoofseuns en -meisies vir die eerste studiejaar. Applikante moet bogemiddeld presteer en/of behoeftig wees. Bewys van hul hoofleerlingskap moet saam met hul aansoek ingelewer word.

S-44

- a. IMMANUEL-BEURS
- b. B.A. (Admissie)
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. R350 p.j.
- f. Die K.J.V., Stellenbosch, het 'n beurs beskikbaar gestel vir toekenning aan 'n uiters behoeftige student. Die beurshouer moet onderneem om studie aan die Kweekskool voort te sit, anders word die beurs 'n lening wat, met rente, binne een jaar terugbetaalbaar is. Getroude persone kwalifiseer ook vir die beurs, maar nie studente wat gedurende die Admissie-studiejaar trou nie.

Voortsetting van die beurs is onderworpe aan jaarlikse heraansoek. Aansoek moet voor 1 Maart by die Registrateur gedoen word.

S-45

- a. IMMIGRANTE-KIND-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Kyk f
- e. R200 elk
- f. Vyf-en-twintig beurse is beskikbaar vir toekenning aan verdienstelike en/of behoeftige kinders van immigrante wat vir drie jaar, of minder, in Suid-Afrika woon. Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting van hul beurse.

S-46

- a. ISAAC GREENBERG-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 3 jaar
- e. R1 250 p.j.
- f. Drie beurse is elke tweede jaar beskikbaar vir toekenning aan drie Suid-Afrikaanse burgers waarvan een van Joodse, een van Engelse en een van Afrikaanse herkoms moet wees. Die volgende toekenning sal in 1977 geskied. Voorkeur word gegee aan eerste-jaarstuente wat n graadkursus volg.

S-47

- a. JACOBS-FAMILIE-BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van Stellenbosch of die Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - d. Hoogstens 3 jaar
 - e. Dek helfte van die klas- en losiesgelde
 - f. Beurse is beskikbaar vir direkte afstammelinge van Jan Abraham Jacobs, wat behoeftige verdienstelike lidmate van die N.G. Kerk is.
- 'n Uiteensetting van die familieverband moet saam met die aansoek verstrekk word.

S-48

- a. JADRI BEYERS-BEURS
- b. Ingenieurswese
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R500 p.j.
- f. Beyers Ondernemings, Stellenbosch, stel een beurs elke vyf jaar beskikbaar vir toekenning aan 'n behoeftige eerstejaarstudent. Daar is geen diensverpligtings nie. Die volgende toekenning geskied in 1978.

S-49

- a. JAN DE NECKER-BEURS
- b. B.Com. en B.Econ.
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 3 jaar onderhewig aan bevredigende vordering
- e. R350 p.j.
- f. 'n Beurs word elke jaar toegeken aan 'n eerstejaar manstudent. Applikante moet onder andere werklik behoeftig wees en skolasties bo-gemiddeld goed gevaar het. Die klem moet veral op leierseienskappe val. Studente in die Regsgeleerdheid kwalifiseer nie vir hierdie beurse nie.

Aansoeke op 'n aansoekvorm wat by die Registrateur (Akademies) verkrygbaar is, moet vergesel word van getuigskrifte van 'n skoolhoof en 'n predikant.

S-50

- a. J.B. COLLINS-BEURS
- b. Musiek (Klavier)
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R200
- f. Die beurs word toegeken aan die beste klavierstudent aan die Konservatorium vir Musiek.

'n Kandidaat word aan die einde van elke jaar deur die Direkteur van die Konservatorium vir Musiek aangewys. Geen aansoeke word vereis nie.

S-51

- a. J.E. CONRADIE-BEURS VIR ARBEIDSTERAPIE
- b. Arbeidsterapie
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Wisselend
- f. Die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland stel jaarliks 'n bedrag beskikbaar vir studiebeurse aan behoeftige en verdienstelike studente.

Aansoeke moet regstreeks aan die Sekretaresse, Hoofkantoor : V.L.V. van Kaapland, Distriksbankgebou, Birdstraat 5, Stellenbosch, 7800, gerig word. Die sluitingsdatum is 1 Maart.

S-52

- a. J.H. NEETHLING-BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Klasgelde
 - f. Drie beurse word jaarliks beskikbaar gestel vir nakomelinge van wyle ds. J.H. Neethling.
-

S-53

- a. JOHN MICHAEL HANSEN-BEURSE
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 3 jaar
- e. R200 p.j.
- f. Twee beurse is elke derde jaar beskikbaar vir behoeftige en verdienstelike studente. Die volgende toekenning geskied in 1978.

S-54

- a. JOHN THOMPSON-BEURS
- b. Chemiese of Werktuigkundige Ingenieurswese
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van die kursus
- e. R250 p.j.
- f. Een beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige student vir die duur van die kursus - derhalwe is die beurs nie noodwendig elke jaar beskikbaar nie.

S-55

- a. JOSSIE ACKERMAN-BEURSE
- b. Huishoudkunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. -
- f. 'n Aantal beurse is beskikbaar. Aansoeke moet regstreeks aan die VLV van Kaapland, Distriksbankgebou, Stellenbosch, 7600, gerig word.

S-56

- a. J.S. MARAIS-GEDENKBEURS
- b. Landbou
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R100 - R200 elk p.j.
- f. Die beurse is jaarliks beskikbaar vir behoeftige en verdienstelike studente.

S-57

- a. K.A.T.-BEURS(E)
- b. Drama
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R120 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n student (of studente) in Drama.
In die reël is hierdie beurs nie beskikbaar vir eerstejaarstudente nie.

S-58

- a. KWV-BEURSE
- b. Wingerdbou en/of Winkunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R1 000
- f. Daar kan van beurshouers vereis word om na voltooiing van hul studie by die KWV in diens te tree indien die KWV daarop aanspraak maak, of by enige afdeling van die Staatsdiens direk of indirek gemoeid met Wingerdbou en Winkunde, aan wie die KWV sy aanspraak mag oordra.

Nadere besonderhede is van die Sekretaris, KWV, Posbus 528, Suider-Paarl, verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

S-59

- a. MAGGIE LAUBSER-BEURSE
- b. Beeldende Kunste - Skilderkuns by voorkeur
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Klas- en losiesgelde plus bedrag gelykstaande aan klasgelde vir materiaal
- f. Een of twee beurse is beskikbaar vir toekenning aan behoeftige studente (eerstejaars uitgesluit). In die reël word meer gevorderde studente in ag geneem.

Aansoeke moet die Registrateur voor 31 Julie bereik.

S-60

- a. MALANBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R100 p.j.
- f. Een of twee beurse is beskikbaar vir gebore Malan-studente wat behoeftig en verdienstelik is.

S-61

- a. MARIA CILLIÉ-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R150 vir die aankoop van boeke
- f. Een beurs is beskikbaar vir 'n behoeftige damestudent (eerstejaars uitgesluit).

S-62

- a. MAUERBERGER-BEURSE
- b. Tandheelkunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van die kursus
- e. R300 p.j.
- f. Vier beurse is elke jaar beskikbaar vir verdienstelike en behoeftige derdejaar-studente.

S-63

- a. MEDIESE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA (TAK WES-KAAPLAND) - BEURS
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R300
- f. Een beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige derdejaarstudent. Waar omstandighede dieselfde is, sal voorkeur verleen word aan 'n kind van 'n mediese praktisyn wat 'n lid van die Mediese Vereniging van S.A. is, of was.

Aansoeke moet die Dekaan, Fakulteit van Geneeskunde, Posbus 63, Tiervlei, 7503, voor 31 Januarie bereik.

S-64

- a. MURRAY EN STEWART-BEURSE
- b. Siviele Ingenieurswese
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. Klas- en losiesgelde plus 'n onderhoudstoelaag
- f. Beurse is beskikbaar vir verdienstelike studente wat gedurende die lang vakansies by die firma moet werk. Daar word ook van beurshouers verwag om ná voltooiing van hul studie in diens van die Maatskappy te tree.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is van Murray en Stewart, Posbus 4854, Kaapstad, 8000, verkrygbaar.

S-65

- a. MUSHETBEURSE
- b. Ekonomie, Geneeskunde, Ingenieurswese, Maatskaplike Werk en Sosiologie
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R400 p.j.
- f. Ses beurse is beskikbaar vir verdienstelike en veral behoeftige studente. Nuwe toekennings word gemaak slegs indien een of meer van genoemde ses beurse vry kom. Dit kan dus gebeur dat daar geen Mushetbeurs vir 'n betrokke jaar beskikbaar is nie.

S-66

- a. NASIONALE KOERANTE-BEURSE
- b. Joernalistiek
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 3 jaar
- e. Klas- en losiesgelde en R120 vir boeke
- f. 'n Aantal beurse is beskikbaar vir manstudeute wat 'n graadkursus wil volg met die oog op die joernalistiek.

Beurshouers moet ná voltooiing van hul studie in diens van die Maatskappy tree.

Aansoeke moet aan een van die volgende gerig word : Die Burger, Posbus 692, Kaapstad, 8000; Die Volksblad, Posbus 267, Bloemfontein, 9300; Die Oosterlig, Posbus 525, Port Elizabeth, 6000.

S-67

- a. NEDBANK-LENINGS
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. Duur van kursus
 - e. Maksimum R600
 - f. Lenings is beskikbaar vir manlike studente van die tweede studiejaar af. Volledige besonderhede en aansoekvorms is by die Registrateur verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 Maart.
-

S-68

- a. N.G. KERK-BEURSE
- b. Admissie - B.A.
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Maksimum van R150
- f. Indien 'n gemeente 'n beurs aan 'n student toeken, kan die Universiteit - mits die student bevredigend presteer - 'n gelykwaardige bedrag tot dié beurs toevoeg. Daar is 60 van hierdie beurse. Spesiale aansoekvorms is van die Registrateur verkrygbaar.

Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting van die beurse. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 Maart.

S-69

- a. N.G. KERK-BEURSE (MEMEL)
- b. Admissie en Teologie
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R400 elk p.j.
- f. Twaalf beurse is beskikbaar. Eerstejaarstudeute kom nie in aanmerking nie.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Skriba, N.G. Kerk, Posbus 75, Memel, K.P., 2970.

S-70

- a. ~~NORISTAN-BEURSE~~
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R500 p.j. elk
- f. Twee beurse vir behoeftige en verdienstelike finalejaarstudente sal jaarliks tot en met 1978 beskikbaar wees.

Aansoeke moet ingelewer word by die Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde, wat 'n aanbeveling moet doen.

S-71

- a. ~~NORISTAN-STUDIIELENINGS~~
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Wisselend
- f. Lenings is beskikbaar van die vierde studiejaar af. Volledige besonderhede is verkrygbaar van die Dekaan, Fakulteit van Geneeskunde, Posbus 63, Tiervlei, 7503. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

S-72

- a. ~~OKIEP-KOPERMAATSKAPPY-BEURSE~~
- b. Chemie, Geofisika, Geologie of Ingenieurswese (Siviel uitgesluit)
- c. Universiteite van Kaapstad of Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R700 p.j.
- f. Twee beurse is beskikbaar vir manlike studente wat hul skoolindeksamen in die eerste klas aan een van die hoërskole van Namakwaland (insluitende Vredendal en Vanrhynsdorp) of die Oranjeriviergebied (Kakamas tot Groblershoop) geslaag het.

Beurshouers moet na voltooiing van hul studie in diens van die Maatskappy tree vir 'n periode van 3 jaar.

Seuns van voltydse werknemers van die Maatskappy mag ook aansoek doen al sou hulle hulle skoolopleiding by 'n skool ontvang het wat nie onder die bogemelde groep val nie.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Okiep Kopermaatskappy, Posbus 17, Nababeep, 8265. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 27 Januarie.

S-73

- a. ~~ORANJEBOND-STUDIEBEURS~~
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R90

- f. 'n Beurs is elke jaar beskikbaar vir 'n student wat sy skoolloopbaan aan een van die hoërskole te Upington, Keimoes, Kakamas of Kenhardt voltooi het. Eerstejaarstudente kom nie vir die beurs in aanmerking nie.
-

S-74

- a. OU MUTUAL-STUDIELENINGS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. 3 jaar
e. Maksimum R500 p.j.
f. 'n Beperkte getal lenings word jaarliks beskikbaar gestel. Die lenings is onderhewig aan dieselfde voorwaardes van toekenning en terugbetaling as die Universiteit van Stellenbosch-lenings (kyk S-107).

Volledige besonderhede en aansoekvorme is by die Registrateur (Akademies) verkrygbaar. Voltooide aansoeke moet die Registrateur vóór 31 Januarie bereik.

S-75

- a. PAUL ROOS-GIMNASIUM-BEURSE
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. 1 jaar
e. R250 elk
f. Twee beurse is beskikbaar vir matrikulante van Paul Roos-Gimnasium vir hul eerste studiejaar.

Kandidate moet voor 1 Maart by die Rektor, Paul Roos-Gimnasium, aansoek doen.

S-76

- a. PETRUSA VAN ZIJL-STUDIEFONDS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. Wisselend
f. 'n Aantal beurse wat beskikbaar gestel is deur die rente-opbrengs op R20 000 wat deur wyle mev. Petrusa Groenewald (Neë van Zijl) aan die Universiteit geskenk is, kan jaarliks, op aansoek, aan behoeftige kinders (afstammeling) van haar ses susters toegeken word.

Aansoekvorme is by die Registrateur (Akademies) verkrygbaar en voltooide aansoeke moet vergesel word van 'n duidelike uiteensetting van die applikant se familieverband.

S-77

- a. PFIZER-LABORATORIA-BEURS
b. Geneeskunde
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -

- e. R400 p.j.
- f. 'n Beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike maar veral behoeftige student in die sesde jaar van studie.

Voltooide aansoeke moet vóór 31 Januarie ingelewer word by die Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde, Posbus 63, Tiervlei, 7503.

S-78

- a. PRESIDENT KRUGER-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R100 tot R300 p.j.
- f. Een of twee beurse word toegeken aan verdienstelike studente wat, ofskoon hulle nie noodwendig 'n buitengewoon hoë akademiese prestasie gelever het nie, 'n goeie sterk karakter het en eienskappe van leierskap toon, en wat geldelike hulp werklik nodig het. In die reël hoef daar nie aansoek gedoen te word om dié beurse nie.

S-79

- a. PRIVAATSTUDENTE-ORGANISASIE-LENINGS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Wisselend
- f. Die organisasie stel jaarliks 'n beperkte aantal lenings beskikbaar vir PSO-studente. Besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Voorsitter van die Privaatstudente-Organisasie by wie aansoeke voor 1 Maart ingelewer moet word.

S-80

- a. PROTEA HOLDINGS-BEURSE
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R250 elk
- f. Twee beurse is beskikbaar vir die twee studente wat onderskeidelik die beste geprester het in Fisika (Geneeskunde) en Wiskunde (Bio.) in die tweede studiejaar.

Kandidate word deur die Universiteit aangewys, dus word geen aansoeke vereis nie.

S-81

- a. REGERINGSBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Volle duur van kursus

- e. R100 tot R200 p.j.
 - f. 'n Hele aantal beurse is beskikbaar vir verdienstelike en veral behoeftige studente. Hierdie beurse moet nie verwar word met Staatsdiensbeurse nie, wat diensverpligtinge inhou.
-

S-82

- a. RICHTERBEURSE
 - b. Elektrotegniese Ingenieurswese
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R100 tot R200 p.j.
 - f. Een of meer beurse is beskikbaar.
-

S-83

- a. ROTARIËRKLUB-STUDIELENINGS
- b. Onbeperk
- c. -
- d. -
- e. Wisselend
- f. Studielenings is van die tweede studiejaar af beskikbaar vir studente uit die Kaapse Skiereiland.

Volledige besonderhede en aansoekvorms is van die Sekretaris, Studenteleningefonds, Posbus 3831, Kaapstad, 8000, verkrygbaar.

S-84

- a. ROY BEAMISH-BEURSE
 - b. Geneeskunde of Siviele Ingenieurswese
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. Duur van kursus
 - e. Klasgelde
 - f. Twee beurse is van die tweede studiejaar af beskikbaar vir behoeftige en verdienstelike manstudente vir die duur van die kursus - derhalwe is die beurse nie noodwendig elke jaar beskikbaar nie.
-

S-85

- a. RYNSE STUDIEBEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Klasgelde
 - f. Twee beurse is jaarliks beskikbaar vir kinders van Rynse sendelinge.
-

S-86

- a. S.A. DROËVRUGTEKOOËPERASIE - (JAN) BOSMAN-BEURS
- b. Pomologie of Voedselwetenskap
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 3 jaar
- e. R800 p.j.
- f. Die beurs is elke derde jaar beskikbaar vir 'n tweedejaar-manstudent. Die beurs-houer word aangeraai om gedurende die somervakansies by die Suid-Afrikaanse Droëvrugtekoöperasie te werk, en moet bereid wees om by hulle in diens te tree indien hulle dit sou verlang. Die toekenning word deur die Universiteit in oorleg met die S.A.D.- direksie gedoen.

S-87

- a. S.A. PERMANENTE BOUVERENIGING-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R350
- f. 'n Beurs word jaarliks toegeken aan 'n eerstejaarstudent wat die Senior Sertifikaat-eksamen aan een van die drie hoërskole op Stellenbosch afgelê het. Die beurs word deur die Universiteit gadministreer en in rotasie aan leerlinge van die Rynse Hoër Meisieskool, die Hoër Meisieskool Bloemhof en die Paul Roos-Gimnasium toegeken.

S-88

- a. SARACCA-BEURS
- b. B.Sc.-graad in Meganiese Ingenieurswese met Verkoeling en Lugreëlring as hoofvakke
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar onderworpe aan bevredigende kwartaalverslae oor studente se werkywer en vordering, vir die normale duur van die kursus
- e. R1 000 p.j.
- f. Die South African Industrial Refrigeration and Air Conditioning Contractors Association bied vyf beurse aan vir behoeftige en verdienstelike studente.

Ná graduering moet die beurshouer vir minstens drie jaar in diens tree by 'n SARACCA-lid of 'n goedgekeurde Raadplegende Ingenieurspraktyk.

Nadere besonderhede en voorgeskrewe aansoekvorms is verkrygbaar van die Direkteur, SARACCA, Posbus 1338, Johannesburg, 2000.

S-89

- a. S.A. SAAGMEULENAARSVERENIGING-BEURS
- b. Bosbou - Houttegnologie by voorkeur
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R400 p.j.
- f. Een beurs is elke jaar beskikbaar vir 'n behoeftige en verdienstelike eerstejaarstudent. Vakansiewerk in 'n afdeling van die Bosbou- en Houtbedryf is 'n vereiste.

S-90

- a. SENEKAL (ROOIKRANS)-OPVOEDINGSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteite van die Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R400 p.j. Maksimum van R1 500
- f. Lenings is beskikbaar vir verdienstelike en behoeftige voornemende eerstejaar-studente.

Nadere besonderhede is van die Registrateur verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir nuwe aansoeke is 31 Oktober.

S-91

- a. SOL MOSHAL-BEURS VIR BOSBOU
- b. Bosbou - Bosbestuur of Houttegnologie as hoofrigting
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R400 p.j.
- f. Acme Timber Industries, in medewerking met S.A. Forest Investment Bpk., stel gesamentlik 'n beurs beskikbaar vir 'n voorgraadse student. Alhoewel daar geen verpligting is nie, word daar tog deur die beursgewers verwag dat 'n beurshouer, na voltooiing van sy kursus, navraag sal doen of daar nie moontlik 'n vakante betrekking vir hom by genoemde Maatskappye bestaan nie.

Voorkeur word verleen aan behoeftige studente met bogemiddelde studierekords. Die beurs kan in enige jaargang van die kursus toegeken word.

Die beurs is nie noodwendig elke jaar beskikbaar vir toekenning nie.

S-92

- a. SPAARBANK KAAP DIE GOEIE HOOP-BEURS
- b. B.Com.- of B.Econ.-graadkursus met Ekonomie as een van die vakke
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R500
- f. 'n Beurs, sonder diensverpligting, is beskikbaar vir 'n behoeftige Suid-Afrikaanse burger.

S-93

- a. SPESIALE BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Wisselend
- f. 'n Aantal beurse kan in besondere gevalle op grond van hoogstaande eienskappe van karakter en leierskap toegeken word. In die reël word daar nie aansoek gedoen om dié beurse nie.

S-94

- a. S.P. GREEN-BEURS
- b. Sosiologie
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R500
- f. Een beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige student.

S-95

- a. STELLENBOSCH-BOEREOORKES-BEURS
- b. Musiek
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R100 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige student.

S-96

- a. STELLENBOSCH JUNIOR AFRIKAANSE SAKEKAMER-BEURS
- b. B.Comm. of B.Econ.
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R100 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n behoeftige matrikulant van Stellenbosch in sy eerste studiejaar. Die beurs is nie noodwendig elke jaar beskikbaar nie.

S-97

- a. STELLENBOSCH LANDBOUGE NOOTSKAP-BEURS
- b. Landbou
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R400 p.j.
- f. Een beurs is beskikbaar vir 'n behoeftige en verdienstelike student afkomstig uit, of woonagtig in, die afdelingsraaddistrik van Stellenbosch. Die toekenning geskied deur verteenwoordigers van Boland Bank Bpk. in oorleg met die Dekaan van die Landboufakulteit.

Aansoek moet voor 15 Januarie by die Registrateur gedoen word.

S-98

- a. STELLENBOSCHSE DISTRIKSBANK-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 3 jaar
- e. R250 p.j.

- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n behoeftige en verdienstelike student afkomstig uit die distrikte Stellenbosch, Kuilsrivier of Kraaifontein. Voorkeur word gegee aan kinders van lede van die personeel van die Stellenbosse Distriksbank. Indien 'n beurs ná een of twee jaar teruggetrek word, sal dit vir die oorblywende tydperk (2 of 1 jaar) aan 'n ander geskikte kandidaat toegeken word.

Die toekenning geskied in oorleg met die Bestuurder van die Bank.

S-99

- a. STUDENTERAADLENINGS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. Wisselend
f. 'n Beperkte aantal lenings word jaarliks beskikbaar gestel deur die Studenteraad. Aansoekvorms en volledige besonderhede is verkrygbaar by die Tesourier, die Studenteraad, Sanlamgebou, Stellenbosch, 7600. Die sluitingsdatum is 1 Maart.
-

S-100

- a. SUID-AFRIKAANSE SPOORWĖ - BEURSE VIR ADMINISTRATIEWE AMPTENARE
b. B.Com. -graad met Vervoereconomie as een van die hoofvakke
c. Universiteit van Stellenbosch of die Randse Afrikaanse Universiteit
d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die volle duur van die kursus, mits vordering, gedrag en klasbywoning bevredigend is
e. R1 000 p.j.
f. Die Spoorwegadministrasie stel jaarliks 'n aantal beurse beskikbaar vir administratiewe amptenare om hulle in staat te stel om voltyd te studeer en hulle sodoende akademies voor te berei vir administratiewe werk in die SpoorwĖ.

'n Beurshouer moet hom verbind om diens by die Administrasie te hervat sodra hy sy studie vir die graad voltooi het en om in die Administrasie se diens te bly vir minstens 'n tydperk wat gelyk staan met die aantal jare waarvoor hy 'n beurs ontvang het, onderworpe aan 'n minimum tydperk van twee jaar.

Die beurshouer moet sodanige vakansie-opleiding in die SpoorwĖ ondergaan as wat die Universiteit/Administrasie mag voorskryf.

Skoliere wat in die Matrikulasië- of gelykstaande eksamen geslaag het en tot 'n universiteit toegelaat kan word, of wat die eksamen aan die end van die jaar aflê, kan aansoek doen.

Aansoeke moet gerig word aan die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse SpoorwĖ, Kamer 1217, Paul Krugergebou, Wolmaransstraat, Johannesburg, 2001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

S-101

- a. SUSARA MAGDALENA VAN DER WESTHUIZEN-BEURS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. Rente op R200
f. Die bedrag is jaarliks beskikbaar vir 'n beurs(e) aan afstammelinge van wyle mnr. W.M. van der Westhuizen, gewese lid van die Administratiewe personeel van die Universiteit.
-

S-102

- a. TIENIE LOUW-BEURSE
- b. Lugvaartkundige Ingenieurswese
- c. 'n Universiteit in Suid-Afrika of in die buiteland
- d. -
- e. Wisselend
- f. Voor- en nagraadse beurse is beskikbaar vir studie in Suid-Afrika of in die buiteland. Voorkeur word gegee aan begaafde studente.

Aansoeke moet aan die Registrateur gerig word, vergesel van twee getuigskrifte en 'n amptelike studierekord.

S-103

- a. TOTAL OLIE-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. R300
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige finalejaarstudent.

S-104

- a. TRUST BANK-BEURS
- b. Handel
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. R350 p.j.
- f. Dit gebeur dikwels dat geen nuwe beurs vir 'n betrokke jaar beskikbaar is nie. Voornemende applikante moet dus by die Universiteitskantoor navraag doen voordat hulle aansoek doen.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH-BEURSE

Hierdie beurse word toegeken uit fondse wat die Universiteitsraad bewillig; rente op onvoorwaardelike skenkings en bemakings wat die Universiteit van tyd tot tyd van goedgeesinde persone en liggame ontvang, 'n jaarlikse bedrag uit die renteverdienste van die Eeufestruustfonds, waarby ingesluit is 'n jaarlikse bydrae van R1 000 van die Hermann Ohlthaver-Trust.

S-105

- a. BEURSE VIR EERSTEJAARSTUDENTE
- b. 'n Graadkursus
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. 1 jaar
- e. 60 beurse van R300 elk
5 beurse van R150 elk
10 beurse van R100 elk
15 beurse van R75 elk
90 beurse van R50 elk

Die Universiteit stel jaarliks 130 beurse beskikbaar aan eerstejaarstudente wat in besit is van 'n Matrikulasievrystellingsertifikaat. Om in aanmerking te kom vir een van hierdie beurse moet 'n student die Matrikulasie- of daarmee gelykstaande eksamen met 'n voldoende hoë standaard in die eerste klas geslaag het.

Aansoekvorms om die beurse is by die Registrateur (Akademies) verkrygbaar, en moet voltooi word nadat die skoolindeksamenuitslae bekend is. Dit moet die Registrateur (Akademies) bereik vóór 1 Maart van die jaar waarin die applikant voornemens is om as student aan die Universiteit in te skryf.

S-106

- a. BEURSE VIR SENIOR STUDENTE
- b. 'n Graadkursus
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Kyk f
- e. Tweedejaarstudente (getal : 90)
 - 10 beurse van R150 elk
 - 15 beurse van R100 elk
 - 25 beurse van R75 elk
 - 40 beurse van R50 elk

Derdejaarstudente : Dieselfde getal beurse, met ooreenstemmende bedrae, soos vir tweedejaarstudente

Vierdejaarstudente (getal : 30)

- 5 beurse van R150 elk
- 5 beurse van R100 elk
- 10 beurse van R75 elk
- 10 beurse van R50 elk

(Insluitende onder andere B.Prim., B.A. in Beeldende Kunste, B.Arbeidsterapie, B.Bibl., B.Dram., B. in Huishoudkunde, B.Mus., B.Parke en Ontspanningsadmin., B.Sc., B.Ing. IV, B.Sc. in Bosbou, B.Sc. in Fisioterapie, B.Sc. in Huishoudkunde, B.Sc. in Landbou, B.Sc. in Voedselwetenskap, B. in Verpleegkunde, B.Th.I, LL.B.II, M.B.,Ch.B. IV en B.Ch.D. IV, ens.)

Vyfdejaarstudente (getal : 20)

- 5 beurse van R150 elk
- 5 beurse van R100 elk
- 10 beurse van R75 elk

(Insluitende onder andere B.Sc., B.Ing. V, B.Th.II, LL.B. III, M.B.,Ch.B. V, B.Ch.D. V, ens.)

Sesdejaarstudente (getal : 10)

- 5 beurse van R150 elk
- 5 beurse van R100 elk

(Insluitende onder andere B.Th. III en M.B.,Ch.B. VI)

Sewendejaarstudente (getal : 5)

- 5 beurse van R150 elk (Hoofsaaklik vir studente in hul finale jaar aan die Teologiese Seminarium)

- f. Senior studente wat vrystelling van Matrikulasie besit kan vir die beurse in aanmerking kom, indien hulle akademiese prestasies na die oordeel van die Universiteit van voldoende hoë standaard is. Studente van hierdie Universiteit kom outomaties vir hierdie beurse in aanmerking en hulle hoef nie in die loop van hul kursusse skriftelik daarom aansoek te doen nie, met dien verstande egter dat, indien 'n student sy studie onderbreek en in 'n latere jaar hervat, hy wel skriftelik aansoek moet doen.

In die geval van senior studente - in hierdie geval tot en met sewendejaarstudente, almal voorgraads - word die gemiddelde persentasie bereken ten opsigte van die voorafgaande jaar van studie.

(Kweekskool- en LL.B.-studente word as voorgraadse studente beskou.)

Nota : Die beurse kan aangevul word deur Elise Visser-beurse. (Kyk S-30.)

S-107

- a. UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH-LENINGS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Duur van kursus
- e. Ongeveer R250 p.j. met 'n maksimum van R400
- f. Die lenings word toegeken aan verdienstelike en behoeftige studente.

Volledige besonderhede is verkrygbaar by die Registrateur (Akademies). Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

S-108

- a. VERENIGING VAN VOLKSANG EN MUSIEK-BEURS
 - b. Musiek
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R70 p.j.
 - f. Die beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en behoeftige student aan die Konservatorium vir Musiek.
-

S-109

- a. VIERDE KIND-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. Kyk f
- e. Klasgelde
- f. Beurse is beskikbaar vir toekenning aan die vierde en daaropvolgende kind(ers) wat uit dieselfde huis die Universiteit bywoon.

Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting.

S-110

- a. VOLKSKAS-STUDIELENINGS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Maksimum R600

- f. Lenings is beskikbaar vir manstudente van hul tweede studiejaar af.
Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van Volkskas Beperk, Pleinstraat,
Stellenbosch.

S-111

- a. WENTZELBEURS
b. Onderwys
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. R50 p.j.
f. Die beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike damestudent, by voorkeur uit die
distrik Humansdorp, wat die B.Prim.-graadkursus volg.

S-112

- a. WILFRED ORR-BEURSE
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. Wisselend
f. Die rente op R24 000 vir 'n beurs of beurse aan seuns of dogters wat die Senior
Sertifikaateksamen aan 'n skool in Kimberley afgelê het.

S-113

- a. WILLIE DU TOIT (QUAGGASFONTEIN)-OPVOEDINGSFONDS
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. Klasgelde
f. Voorkeur word gegee aan applikante afkomstig uit die distrikte Loxton en Victoria-
Wes, en daarna uit die res van die Republiek.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Trustees, Mnr Kempen
& Kempen, Posbus 24, Victoria-Wes, 7070.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

S-114

- a. W.J. DU PLESSIS-BEURS
b. B.A. (Admissie)
c. Universiteit van Stellenbosch
d. Duur van kursus
e. R650 p.j.
f. Een beurs is beskikbaar vir 'n verdienstelike en veral behoeftige eerstejaarstudent
vir die duur van sy kursus. Derhalwe is die beurs nie noodwendig elke jaar beskik-
baar nie.

S-115

- a. BEDRYFSINGENIEURSWESE-PRYS
 - b. Bedryfsingenieurswese
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R50
 - f. 'n Prys word aan die einde van elke jaar toegeken aan die finalejaarstudent wat die beste skripsie en/of ontwerp op die gebied van Bedryfsingenieurswese lewer.
-

S-116

- a. BURROUGHSPRYSE
 - b. Rekeningkunde
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R30 plus 'n boekprys van R10
 - f. Drie pryse word jaarliks toegeken aan die beste student in elk van Rekeningkunde I, II en III.
-

S-117

- a. DEUTSCHE BUNDESREPUBLIEK-PRYS
 - b. Duits
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Boekpryse
 - f. Boekpryse word deur die Konsulaat van die Deutsche Bundesrepubliek in Kaapstad beskikbaar gestel vir toekenning aan die beste Afrikaanssprekende studente in Spesiale Duits, Duits IA, Duits IB, Duits II en Duits III. Indien daar voldoende boekpryse is, kan die beste Duitssprekende studente ook in aanmerking kom.
-

S-118

- a. DIDAKTA-MEDALJES
- b. Onderwys
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Silwer medaljes
- f. Drie medaljes word aan die beste voltydse studente in Praktiese Onderwyskunde vir die volgende kursusse toegeken :
 - (i) S.O.D. (finale jaar);
 - (ii) die kursusse in Primêre Onderwys (finale jaar) : H.P.O.D. III, B. Primêre Onderwys (van 1976 af) en D.O.S.K.; en
 - (iii) die kursus D.K.R.O.

Die oorspronklikheid ten opsigte van die ontwerp en aanwending van onderwys hulpmiddels sal by die toekenning 'n belangrike addisionele oorweging wees.

S-119

- a. DR. B.C. RANKINE-PRYS
- b. Wynkunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R25
- f. Die prys word aan die beste student toegeken.

S-120

- a. DR. W.P. STEENKAMP-PRYS
- b. Biologie
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Boekprys van R12
- f. Hierdie prys word elke derde jaar aan die beste eerstejaarstudent toegeken, en is bedoel vir die aankoop van boeke wat betrekking het op die biologiese wetenskappe. Die volgende toekenning geskied einde 1977.

S-121

- a. ELISE KAPLAN-PRYS
- b. Musiek - Klavier
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R20
- f. Die prys word jaarliks toegeken aan die vierdejaarstudent in Klavier wat die beste voordrag van 'n kort konsertprogram lewer.

S-122

- a. GENEESKUNDE PRYS
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R11 elk
- f. Drie pryse word jaarliks toegeken aan die beste finalejaarstudent(e) in elk van die drie hoofvakke van die M.B.,Ch.B.-kursus (Chirurgie, Interne Geneeskunde, en Verloskunde en Ginekologie).

S-123

- a. GOUÉ MEDALJE VAN DIE FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE
- b. Geneeskunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Goue medalje

- f. 'n Goue medalje word jaarliks beskikbaar gestel vir toekenning aan die beste finalejaarstudent mits hy 'n gemiddelde van minstens 70 persent vir die duur van die kursus behaal het.

S-124

- a. HENRI LIDCHI-PRYSE
b. Beeldende Kunste
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. Boekpryse van R10
f. 'n Bedrag word jaarliks beskikbaar gestel vir die toekenning van boekpryse aan die twee beste kunsstudente.

S-125

- a. HOECHST-PRYSE
b. Geneeskunde
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. (i) R200
(ii) R150
(iii) R100
f. Drie pryse word toegeken,
(i) aan die finalejaarstudent wat die beste presteer in die drie hoofvakke Interne Geneeskunde, Chirurgie en Ginekologie en Verloskunde;
(ii) aan die beste finalejaarstudent in Interne Geneeskunde; en
(iii) aan die derdejaarstudent wat die beste presteer in Farmakologie.

S-126

- a. KANKERPRYS
b. Geneeskunde of Tandheelkunde
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. R100
f. Die prys word toegeken vir die beste opstel oor "Any aspect of Cancer" deur 'n voorgraadse student. Die opstelle, wat in enige van die twee landstale kan wees, moet voor 1 Mei in getikte vorm by die Registrateur ingelewer word.

S-127

- a. KANSELIERSMEDALJE
b. Onbeperk
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. 'n Goue medalje
f. Die Kanselier van die Universiteit, Sy Edele dr. B.J. Vorster, stel jaarliks 'n goue medalje beskikbaar vir toekenning aan die beste finalejaarstudent aan die Universiteit.

S-128

- a. MONDHIGIËNISTE - GOUE MEDALJE
- b. Mondhigiëne
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Goue medalje
- f. 'n Goue medalje word aan 'n finalejaarstudent vir die Diploma in Mondhigiëne toegeken.

S-129

- a. MUSKADELSTREEK-WYNPRYS
- b. Wingerdbou - Wynkunde
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Boekprys
- f. Die rente op R208, van die Muskadelstreekwynfeeskomitee, is beskikbaar vir 'n boekprys aan 'n verdienstelike student wat afkomstig is van die Muskadelstreek, te wete Montagu, Robertson of Bonnievale.

S-130

- a. O.U. MUTUAL - GOUE MEDALJES
- b. Besigheidsbestuur en -administrasie
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. Goue medaljes
- f. Goue medaljes sal aan die twee beste finalejaarstudente toegeken word.

S-131

- a. PLESSEY-PRYSE
- b. Elektrotegniese Ingenieurswese
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. (i) R250
(ii) R250
- f. Die pryse word aan die beste student in (i) Telekommunikasie en in (ii) Marine-ingenieurswese toegeken.

S-132

- a. PROF. C.S. EDGAR-PRYSE
- b. Grieks
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -

- e. (i) R20
(ii) R30
 - f. Twee pryse vir die aankoop van boeke word aan (i) die beste tweedejaarstudent en (ii) die beste derdejaarstudent in Grieks toegeken.
-

S-133

- a. PROFESSOR M.W. BLACK - GOUE MEDALJE
 - b. B.Sc. Landbou met Pomologie
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Goue medalje
 - f. 'n Goue medalje word jaarliks toegeken aan 'n student wat die graad B.Sc. in Landbou met Pomologie as een van die hoofvakke verwerf het en wat in die finale jaar minstens 70% (klas- en eksamensyfer) in Pomologie behaal het.
-

S-134

- a. PROFF. A.I. PEROLD- EN P.A. VAN DER BIJL-GEDENKPENNINGS
 - b. Landbou
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Goue medaljes
 - f. Twee goue medaljes word jaarliks beskikbaar gestel vir toekenning aan die twee beste finalejaarstudente wat die B.Sc.-graad in Landbou cum laude verwerf het of wat met onderskeiding in 'n hoofvak geslaag het.
-

S-135

- a. ROUX VAN DER POEL-PRYSE
 - b. (i) Vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde :
Gevorderde Rekeningkunde
Ouditkunde II

(ii) Vir B.Com. :
Rekeningkunde III
Kosteberekening
Ouditkunde I
Inkomstebelasting A
Maatskappywet
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R50 elk
 - f. Sewe pryse word jaarliks toegeken aan die beste studente in die vakke genoem onder b (i) en (ii).
-

S-136

- a. S A O U-MEDALJES
- b. (i) Primêre Onderwysersdiploma-kursusse
(ii) Sekondêre Onderwysersdiploma
(iii) B.Ed.-graadkursus

- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. 'n Goue medalje
- f. 'n Goue medalje word jaarliks toegeken aan die beste student in elk van die kursusse genoem onder b.

In die geval van diploma-studente is die vereiste standaard vir die toekenning van 'n medalje 'n gemiddelde van minstens 70% in die finale studiejaar van die kursus en verder word persoonlikheidseienskappe ook in aanmerking geneem.

S-137

- a. SARCEA-PRYS
 - b. Siviele Ingenieurswese
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Boekprys van R50
 - f. The South African Reinforced Concrete Engineers' Association skenk jaarliks boekpryse aan die student wat, volgens die oordeel van die betrokke professor, die beste tesis in verband met gewapende beton voorleë as deel van sy finale eksamen ter verkryging van die graad.
-

S-138

- a. SIEMENS-PRYS
 - b. Elektrotegniese Ingenieurswese
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. R250
 - f. Die prys is beskikbaar gestel vir toekenning aan 'n finalejaarstudent vir die beste skripsie.
-

S-139

- a. SILWERJUBILEUMPRYS VAN DIE S.A. BIBLIOTEEKVERENIGING
 - b. Biblioteekkunde
 - c. Universiteit van Stellenbosch
 - d. -
 - e. Boekbewys van R25
 - f. 'n Boekbewys word aan die beste finalejaarstudent toegeken.
-

S-140

- a. SIR WILLIAM SCHLICH-GEDENKPENNING
- b. B.Sc. Bosbou
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. 'n Goue medalje

- f. Die student wat die finale eksamen vir die graad B.Sc. in Bosbou slaag en 'n totale gemiddelde persentasie van ten minste 65% oor al vier jaar behaal, met dien verstande dat die gemiddelde persentasie wat in die finale jaar behaal word ten minste 70% moet wees, sal in aanmerking kom vir hierdie medalje.

S-141

- a. SIVIELE INGENIEURSWESE-PRYS
b. Siviele Ingenieurswese
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. R50
f. Die prys word aan die einde van elke jaar toegeken aan die student wat die beste skripsie voorlê in die finale jaar.

S-142

- a. SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF STEEL CONSTRUCTION - PRYS
b. Siviele Ingenieurswese
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. R50
f. 'n Bedrag word jaarliks beskikbaar gestel as 'n prys vir die vierdejaarstudent in Siviele Ingenieurswese wat die beste staalontwerp inlewer.

S-143

- a. STANDARD TELEPHONES AND CABLES - PRYS
b. Elektrotegniese Ingenieurswese
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. R50
f. Twee pryse word aan een buitengewoon knap finalejaarstudent in elk van die rigtings Swaarstroom en Swakstroom toegeken.

S-144

- a. VISSERPRYS
b. Filosofie, Opvoedkunde en Regte
c. Universiteit van Stellenbosch
d. -
e. R40
f. Die prys word jaarliks vir die beste opstel in die genoemde vakke uitgelooft.

S-145

- a. W.H. GRESTY-PRYS
b. Liggaamlike Opvoedkunde
c. Universiteit van Stellenbosch

- d. -
- e. Boekprys van R21
- f. Die prys word jaarliks aan die beste student toegeken.

S-146

- a. WOLNIT-PRYS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R50 plus 'n replika van die wisselbeker
- f. Die Wolnit-korporasie Beperk het 'n wisselbeker aan die Universiteit geskenk waarvoor studente deur middel van 'n redenaarskompetisie kan meeding. Die redenaarskompetisies word onder beskerming van die Studenteraad deur die Vereniging vir Ekonomie en Handel, in medewerking met die Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike Werk, gereël.

S-147

- a. YOUNG'S ELECTRIX-PRYS
- b. Elektrotegniese Ingenieurswese (Swaarstroom)
- c. Universiteit van Stellenbosch
- d. -
- e. R50
- f. 'n Prys word toegeken aan 'n finalejaarstudent wat 'n buitengewone prestasie behaal het.

Tensy anders vermeld, word aansoeke om beurse gerig aan die Registrateur, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria, 0001.

Nadere inligting in verband met sluitingsdatums is van die Registrateur verkrygbaar.

SA-1

- a. AVBOB-LENINGS- EN BEURSFONDS
- b. Onbeperk, maar voorkeur aan Aktuariële Wiskunde of Bevolkingstatistiek as die hoof- of minstens een van die keuserigtings vir 'n graad; of 'n graad in die Ekonomiese Wetenskappe in 'n rigting wat verband hou met langtermyn-lewensversekering; of 'n graad in die Handel en Nywerheid, en wat die nywerheid betref, in besonder die Hout- en Plastieknywerheid
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, kan jaarliks hernieu word vir normale duur van kursus, mits die student bevredigend vorder met sy studies
- e. Maksimum R150 p.j.
- f. 'n Aantal lenings vir graadstudie kan toegestaan word aan studie aan hierdie Universiteit.

Die lenings is beperk tot Blanke studente.

Aansoeke van voorgraadse studente sal slegs na suksesvolle voltooiing van minstens drie eerstejaarskursusse oorweeg word.

Elke leninghouer moet of 'n polis van minstens R1 000 as sekuriteit by die Universiteit deponeer of ander bevredigende sekuriteit aanbied.

Elke lener moet 'n Borgakte inlewer, onderteken deur 'n borg wat aanneemlik is vir die Universiteit.

Die totale geleende bedrag moet in hoogstens drie jaarlikse gelyke paaiemente terugbetaal word.

Rente teen 6% op lenings word bereken op die uitstaande bedrag een jaar van die datum af waarop die laaste lening aan die student toegeken is.

Aansoeke moet die Universiteit jaarliks voor 31 Januarie bereik.

SA-2

- a. FERNAND MAINGARD-GEDENKBEURS
- b. Frans
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar vir 'n maksimum van drie jaar mits vordering bevredigend is
- e. Minstens R105 elk per jaar
- f. 'n Bedrag word jaarliks beskikbaar gestel vir een of meer beurse aan verdienstelike studente in Frans. Die volgende voorwaardes sal geld :

- (i) Beurshouers moet burgers van die Republiek van Suid-Afrika wees.
- (ii) Studente moet voornemende onderwysers(esse) in Frans in die Republiek of Suidwes-Afrika wees.
- (iii) Studente moet Frans as 'n hoofvak vir die graad neem en minstens een kursus in Afrikaans in die graadleergang insluit.
- (iv) Die beurshouer moet onderneem om onmiddellik na behaling van die kwalifikasies vir minstens drie jaar onderwys te gee.
- (v) Persone wat in aanmerking wil kom, moet jaarliks voor 31 Januarie aansoek doen.
- (vi) Die Hoof van die Departement Frans doen 'n aanbeveling aan die Beurskomitee ten opsigte van die aansoekers en kan ook ander kandidate se name aan die Komitee voorlê.

SA-3

- a. INTERNATIONAL COMPUTERS-GENOOTSKAPPE
- b. Rekenaarwetenskap
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 3 jaar
- e. Ongeveer R1 500 p.j.
- f. International Computers Beperk het 'n bedrag beskikbaar gestel vir die toekenning van genootskappe oor 'n tydperk van vyf jaar met ingang Januarie 1971 met die oog daarop om belangstelling in Rekenaarwetenskap en die toepassing van moderne rekenaar tegnieke in Suid-Afrika te bevorder.

'n Junior genootskap is beskikbaar vir studie vir 'n Baccalaureusgraad met Rekenaarwetenskap as hoofvak.

Genote moet hoogstens 10% van hul tyd aan projekte van die Departement Rekenaarwetenskap of die Rekensentrum wy.

Genote word vrygestel van die betaling van studiegeld.

Aansoeke moet voor 30 September gerig word aan die Registrateur, van wie nadere besonderhede en aansoekvorms verkry kan word.

SA-4

- a. MANFRED NATHAN BEQUEST-MERIETE BEURSE
- b. Regsgeleerdheid
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 1 jaar
- e. R100 elk
- f. Twee beurse kan jaarliks toegeken word aan studente met verdienstelike eksamenprestasies aan hierdie of 'n ander universiteit. Ander verdienstes kan ook in aanmerking geneem word.

Studente vir 'n graad in die Regsfakulteit of studente wat minstens een regs vak as een van die hoof- of vernaamste vakke vir 'n Baccalaureusgraad neem, kan in aanmerking kom.

Studente aan wie die beurse toegeken word, moet hulle studie aan hierdie Universiteit voortsit, en die beurse moet in die jaar van toekenning opgeneem word.

Die beurse kan op grond van eksamenprestasies in enige studiejaar toegeken word, en die aanbeveling vir die toekenning word deur die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid gedoen.

Die beurse word in twee gelyke paaiemente uitbetaal : die helfte by registrasie en die ander helfte na ses maande by voorlegging van bewys van bevredigende studievordering.

SA-5

- a. NATIONALE STUDIELENINGS- EN BEURSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. Duur van kursus
- e. Maksimum R200 p.j.
- f. Die Regering het 'n Nasionale Studielenings- en Beursfonds in die lewe geroep om behoeftige studente wat die Matrikulasië- of Senior Sertifikaat besit, te help om hul studies aan 'n universiteit voort te sit.

Die lening is rentevry gedurende die studietydperk, maar rente teen 6% per jaar tree in werking by voltooiing of staking van die kursus waarvoor die lening toegestaan is.

Aansoeke moet voor 15 Maart gerig word aan die Registrateur, van wie nadere besonderhede verkry kan word.

SA-6

- a. STANLEY J.O. NOOME-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, kan hernieu word indien bewys gelewer word van bevredigende vordering gedurende die voorafgaande jaar
- e. Minimum van R50 elk p.j.
- f. Ses beurse van R50 elk word jaarliks toegeken maar kan na gelang van omstandighede en beskikbare fondse aangevul word.

Slegs Bantoes en Kleurlinge van Pretoria en Pretoria-distrik kom vir die beurse in aanmerking.

Applikante moet by die eerste aansoek verkieslik jonger as 26 jaar wees en in die reël sal geen verdere toekenning gemaak word nadat 'n student die ouderdom van 30 jaar bereik het nie.

By die toekenning sal verdienstelikheid en behoeftigheid in ag geneem word.

Die beurse moet aangewend word ter vereffening of gedeeltelike vereffening van verpligtinge aangegaan vir studie.

'n Student wat in aanmerking wil kom vir toekenning van 'n beurs moet voor 15 Januarie sy aansoek op die voorgeskrewe vorm by die Registrateur, Posbus 392, Pretoria, indien.

SA-7

- a. SUID-AFRIKAANSE LANDBOU-UNIE-MERIE-TEBEURSE
- b. Bedryfsekonomie en/of Ekonomie of die vak Kooperasiewese
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 1 jaar
- e. R50 elk
- f. Vier beurse word jaarliks toegeken aan kandidate wat vir 'n graad studeer en wat in die Oktober/November-eksamens die beste presteer in die tweede kursus van een van die vakke onder b.

Daar word vereis dat 'n beurshouer wat nog nie die graad na aflegging van hierdie kursus voltooi het nie, sy studies aan die Universiteit moet voortsit.

SA-8

- a. TAFELBERGUITGEWERS (EDMS.) BPK.-MERIE-TEBEURS
- b. Afrikaans
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. 1 jaar
- e. R50
- f. Die beurs is beskikbaar aan 'n student (eerstejaar tot nagraads) wat gedurende die jaar ingeskryf was vir onderrig en besondere verdienstelike werk in die Afrikaanse Taal- en/of Letterkunde gelewer het.

Indien daar nie 'n verdienstelike student in Afrikaans is nie, kan 'n student wat in 'n ander departement aan die vereiste voldoen, in aanmerking kom.

Die toekenning geskied op aanbeveling van die Hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands (waar nodig, in medewerking met die betrokke departementshoof).

SA-9

- a. PRYS VAN DIE DUITSE AMBASSADE, PRETORIA
- b. Duits
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. -
- e. R20
- f. 'n Prys word jaarliks deur die Duitse Ambassade te Pretoria namens die Federale Duitse Republiek, aan die bekwaamste student in die Departement Duits toegeken. Slegs studente wie se moedertaal nie Duits is nie, kom vir hierdie prys in aanmerking.

SA-10

- a. VAN DER POEL-PRYS
- b. Ouditkunde
- c. Universiteit van Suid-Afrika
- d. -
- e. 'n Boekprys
- f. Die opbrengs uit aandeel wat aan die Universiteit geskenk is, word jaarliks aangewend vir die toekenning van 'n boekprys.

Die prys sal toegeken word aan die mees verdienstelike student in Ouditkunde III vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde. Indien daar in 'n betrokke jaar nie 'n verdienstelike student vir Ouditkunde III is nie, kan die prys toegeken word aan die mees verdienstelike student in Ouditkunde II vir die B.Com.-graad.

TOEKENNINGS BESIKKBAAR VIR STUDIE AAN ENIGE UNIVERSITEIT IN SUID-AFRIKA

Oor die algemeen word die volgende toekennings beskikbaar gestel vir studie aan enige universiteit in Suid-Afrika en nie tot 'n bepaalde inrigting beperk nie.

In die reël moet applikante die skenkers van die verskillende toekennings nader om verdere besonderhede en aansoekvorms.

LET WEL :

1. Indien sluitingsdatums vir die indiening van aansoeke gemeld word, moet hulle slegs as aanduidings beskou word. Sluitingsdatums verskil van jaar tot jaar en voornemende applikante word aangeraai om die geldende sluitingsdatums vir die betrokke jaar so spoedig moontlik van die skenkers te bekom. Ingevulde aansoekvorms moet vroegtydig ingedien word om diskwalifisering te vermy.
2. Ten einde hierdie lys van algemene toekennings meer volledig en noukeurig te maak, sal dit hoog op prys gestel word indien organisasies, institute of individue wat skenkers is van toekennings vir studie aan universiteite of ander inrigtings, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Privaatsak X41, Pretoria, 0001, van volle besonderhede kan voorsien.

ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA - MERIEIT BEURSE EN BEURSE

A-1

a. ALGEMENE BEPALINGS

b. tot e. Kyk A-2 tot A-5

- f. Die ontvanger van een van dié beurse moet sy/haar dienste, nadat hy/sy gekwalifiseer het, vir 'n bepaalde tydperk tot die beskikking van die S.W.A. Administrasie of 'n Staatsdepartement van die R.S.A. indien hy/sy daartoe aangesê word, plaas. Inwoners van Suidwes-Afrika kry voorkeur.

Aansoekvorms is by die Direkteur van Onderwys, Privaatsak 13186, Windhoek, S.W.A., 9100, op aanvraag verkrygbaar.

Alle aansoeke wat betrekking het op onderwysersopleiding moet voor of op 30 Junie ingedien word en alle ander aansoeke voor of op 31 Augustus.

Aansoeke moet deur die ouers of wettige voogde van die applikante as borge geteken word.

As 'n studiejaar herhaal moet word, moet dit op die koste geskied.

A-2

a. BEURSE VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS(ESSE)

b. Onderwys

c. Universiteit, opleidingskollege of tegniese kollege in Suid-Afrika

d. 2, 3 of 4 jaar

e. R900 p.j.

f. Beurse word toegeken op grond van verdienstelikheid en geskiktheid vir die onderwysberoep.

Kyk ook A-1 vir algemene bepalinge.

A-3

- a. MERIETEBEURSE VIR DIE OPLEIDING VAN SEKONDÊRE ONDERWYSERS
- b. Onderwys (graadkursus)
- c. 'n Universiteit in Suid-Afrika
- d. 1 jaar, kyk f
- e. R150 p.j.
- f. Merietebeurse word jaarliks toegeken op grond van geskiktheid vir die onderwys-beroeop, verdienstelikheid en besondere aanleg.

Die merietebeurse word toegeken vir slegs een jaar op 'n keer en die ontvanger sal vir die daaropvolgende jaar weer moet aansoek doen. Indien 'n beurs nie weer verwerf word nie, sal 'n beurs soos in A-2 uiteengesit, oorweeg word.

Kyk ook A-1 vir algemene bepalings.

A-4

- a. MERIETEBEURSE VIR NIE-ONDERWYSGRAAD-KURSUSSE
- b. Kyk f
- c. 'n Universiteit in Suid-Afrika
- d. 1 jaar, kyk f
- e. R150 p.j.
- f. Merietebeurse word jaarliks toegeken op grond van verdienstelikheid en besondere aanleg.

Die studierigting word bepaal deur waar die Administrasie 'n tekort aan mannekrag ondervind of verwag om dit te ondervind.

Die beurse word toegeken vir slegs een jaar op 'n keer en die ontvanger sal vir die daaropvolgende jaar weer moet aansoek doen. Indien 'n beurs nie weer verwerf word nie, sal 'n beurs soos in A-5 uiteengesit, oorweeg word.

Kyk ook A-1 vir algemene bepalings

A-5

- a. BEURSE VIR NIE-ONDERWYS-DIPLOMAKURSUSSE
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit in Suid-Afrika
- d. Normale duur van kursus
- e. R900 p.j.
- f. Die beurse word toegeken op grond van verdienstelikheid en bekwaamheid van die student om die kursus te bemeester.

Kyk ook A-1 vir algemene bepalings.

A-6

- a. BEURSE VIR DIE OPLEIDING VAN MAATSKAPLIKE WERKSTERS
- b. Maatskaplike Werk
- c. 'n Erkende universiteit in Suid-Afrika of die Hugenote-kollege te Wellington
- d. Normale duur van kursus

- e. R900 p.j. vir universiteitstudie
R500 p.j. vir studie aan die Kollege
- f. Studente kom ook in aanmerking vir die merietebeurse (kyk A-4) mits hulle 'n graad-
kursus in Maatskaplike Werk volg.

Kyk ook A-1 vir algemene bepalinge.

AE & CI BEURSE EN MERIETEBEURSE

A-7

- a. ALGEMENE BEPALINGS
- b. Kyk A-8 en A-9
- c. Enige erkende universiteit in Suidelike Afrika
- d. Kyk A-8 en A-9
- e. Kyk A-8 en A-9
- f. Die toekennings is beskikbaar vir voltydse studie en word toegeken op voorwaarde dat suksesvolle kandidate nie in enige opsig aan 'n ander organisasie gebind is nie of nie enige ander beurse of merietebeurse ontvang nie.

Daar is geen diensverpligtinge aan die beurse verbonde nie.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, AE & CI Beperk, Posbus 1122, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 28 November.

A-8

- a. AE & CI UNIVERSITEITSBEURS
- b. Onbeperk
- c. Kyk A-7
- d. Jaarliks hernieubaar tot 'n maksimum van 4 jaar, mits vordering bevredigend is
- e. Volle universiteitsgelde en 'n persoonlike toelae
- f. Die beurs is beskikbaar vir 'n afhanklike van enige werknemer wat minstens 20 maande ononderbroke diens by die Maatskappy gehad het; of 'n afhanklike van 'n afgetrede of oorlede werknemer.

'n Applikant moet in besit wees van 'n Matrikulasievystelling- of gelykwaardige sertifikaat, en moet aanleg vir akademiese werk toon. Die persoonlike omstandighede van die kandidaat sal in aanmerking geneem word.

Kyk A-7 vir algemene bepalinge.

A-9

- a. AE & CI MERIETEBEURSE VIR INGENIEURSWESE
- b. Chemiese, Meganiese en Elektrotegniese Ingenieurswese
- c. Kyk A-7
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. Alle klas-, koshuis- en ander universiteitsgelde en 'n persoonlike toelae van R300 per jaar
- f. Die merietebeurse is beskikbaar vir skoolverlaters en universiteitstudente. Die toekenning word op akademiese meriete gebaseer.

Kyk A-7 vir algemene bepalinge.

A-10

- a. AIR SURVEY COMPANY OF AFRICA LTD. - LENINGS
- b. Landmeetkunde
- c. -
- d. -
- e. Kyk f
- f. n Aantal lenings is beskikbaar. Die bedrae en voorwaardes wissel na gelang van omstandighede.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van The Air Survey Company of Africa Ltd.,
Posbus 2836, Durban, 4000.

ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA BEPERK MERIETEBEURSSKEMA

A-11

- a. ALGEMENE BEPALINGS
- b. en c. Kyk A-12 en A-13
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die duur van die kursus, mits vordering bevredigend is
- e. Kyk A-12 en A-13
- f. Die Korporasie stel twee soorte merietebeurse beskikbaar, naamlik een sonder diensverpligting en een met diensverpligting. Kandidate is geregtig daarop om aansoek te doen om een of albei, maar moet onthou dat eersgenoemde bewyse van uitsonderlike bekwaamheid vereis en dat nie meer as twee elke jaar beskikbaar is nie.

In die reël moet kandidate nie jonger as 17 of ouer as 26 jaar wees nie.

Kandidate wat geloot is vir voltydse militêre diens voordat hulle n universiteit kan bywoon, moet nie voor September/Okttober van hulle diensjaar aansoek doen nie.

Aansoeke van studente op skool moet by die Korporasie deur die skoolhoof ingedien word en moet vergesel gaan van n verslag van die student se uitslae in die jongste skooleksamens.

Kandidate moet die uitslag van die matrikulasie- of gelykstaande eksamen indien onmiddellik nadat dit bekend gemaak is.

Daar word gewoonlik van beurshouers verwag dat hulle by die universiteit moet inwoon, ofskoon hulle hiervan vrygestel kan word.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, Merietebeurskomitee, Posbus 61587, Marshalltown, 2107.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober van elke jaar.

A-12

- a. ANGLO AMERICAN CORPORATION-MERIETEBEURS
- b. Enige erkende universiteitsgraad
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit of, na goeddunke van die Korporasie, n universiteit in die buiteland
- d. Duur van die kursus - kyk ook A-11
- e. Klas- en koshuisgelde, n boeketoelaag en in Suid-Afrika n onderhoudstoelaag van R960 p.j.

- f. Die bedoeling met die merietebeurs is dat dit 'n toekenning vir verdienstelikheid moet wees aan jong mans en vroue van uitmuntende akademiese bekwaamheid met besondere eienskappe van leierskap, persoonlikheid en karakter soos in hulle skoolloopbaan bewys.

Oor die algemeen word die merietebeurs nie toegeken aan studente wat al meer as een jaar op universiteit was nie. Kyk A-11 vir algemene bepalings.

A-13

- a. ANGLO AMERICAN CORPORATION-GROEP-BEROEPSMERIETEBEURSE
- b. Mynbou-, Siviele, Meganiese, Elektrotegniese en Chemiese Ingenieurswese; Metallurgie; Mynbougeologie; B.Sc. Geologie (tot op Honneurspeil); Landbou (kyk f); Handel en Ekonomie; en Geneeskunde (kyk f)
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Kyk A-11
- e. Klas- en koshuisgelde en 'n boeke- en onderhoudstoelaag van R500 p.j.
- f. Die bedoeling met die merietebeurse is om die geleentheid vir gevorderde opleiding te gee aan jong mans wat in 'n loopbaan in die mynbou of in verwante finansiële en industriële organisasies van die Korporasie belangstel. Studente wat reeds een of meer jare aan 'n universiteit voltooi het, geniet voorkeur.

Beurshouers is verplig om in diens van die Korporasie of 'n verwante maatskappy te tree vir 'n minimum tydperk van drie jaar na graduering.

Landbou: Die Korporasie sal oor geleenthede beskik vir 'n beperkte aantal universiteitsgegradeerdes met gespesialiseerde opleiding in Landbou. Daar word verwag dat na 'n opleidingstydperk en praktiese ondervinding die gegradueerde in staat sal wees om verantwoordelikheid te aanvaar by die bestuur van een van die Korporasie se boerderyondernemings.

Geneeskunde: Slegs aansoeke van studente wat besig is om minstens hulle tweede-jaarkursus te voltooi, sal oorweeg word vir die twee merietebeurse in Geneeskunde wat elke jaar toegeken word. Kyk A-11 vir algemene bepalings.

A-14

- a. ANGLOVAAL - OPE MERIETEBEURSSKEMA
- b. Mynbou-, Meganiese of Elektrotegniese Ingenieurswese; Metallurgie (by voorkeur Ekstraktiewe Metallurgie), en Geologie; Chemiese Ingenieurswese; B.Com.; B.A., LL.B.; B.A. met hoofvakke in een of meer van die volgende: Volkekunde en Naturelle-administrasie; Sosiologie, Maatskaplike Werk, Sielkunde; of 'n graad in 'n ander rigting waarin die merietebeurshouer se dienste deur die Groep verlang mag word.
- c. 'n Erkende Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Jaarliks hernieubaar vir die duur van die kursus, mits vordering bevredigend is
- e. Volle klagelde plus registrasie- en koshuisgelde plus kontanttoelae van R400 p.j.
- f. Applikante moet in Suidelike Afrika woonagtig wees; in besit wees van 'n Matrikulasie- of 'n ander universiteitstoelatingsertifikaat met hoër simbole in Wiskunde, die hooftaal, Natuur- en/of Skeikunde; onder 25 jaar wees; aanvaar en ingeskryf wees by 'n erkende universiteit in Suid-Afrika vir die volle graadkursus in een van bogenoemde rigtings, en moet in Johannesburg medies ondersoek word. (Die vereiste mediese ondersoek kan gedoen word wanneer kandidate vir die onderhoud na Johannesburg toe kom.)

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groeppersoneelbestuurder (Myne), Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company, Limited, Posbus 62379, Marshalltown, 2107.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is gewoonlik in September.

A-15

- a. APTEKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA - BEURSE
- b. Farmasie
- c. Enige universiteit of kollege vir gevorderde tegniese onderwys in die Republiek van Suid-Afrika wat 'n kursus in Farmasie aanbied
- d. 1 jaar; hernieubaar
- e. R200 - R300 p.j.
- f. Die Stigting vir Farmaseutiese Opleiding administreer 'n aantal beurse wat genoem is na die farmaseutiese firmas wat die beurse geskenk het.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, Stigting vir Farmaseutiese Opleiding, Posbus 31360, Braamfontein, 2017.

Slegs aansoeke van studente wat reeds die eerste studiejaar afgelê het, word oorweeg.

Aansoeke moet bogenoemde adres voor 30 September bereik.

A-16

- a. ATKV-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, kan jaarliks op aansoek hernieu word
- e. R600 p.j.
- f. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (SAS en H) stel jaarliks een beurs aan kinders van ATKV-lede beskikbaar.

Aansoeke op die amptelike aansoekvorms moet aan die Hoofsekretaris, ATKV, Posbus 4585, Johannesburg, 2000, gerig word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

Nadere besonderhede kan van mnr. C.I. du Plessis by voorgeselde adres verkry word.

A-17

- a. ATKV-STUDIËLENINGS
- b. Onbeperk
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit of kollege
- d. Duur van kursus
- e. Maksimum R600 p.j. en R2400 vir volle studietydperk
- f. Die ATKV stel jaarliks studieleninge beskikbaar vir voltydse studie aan kinders van ATKV-lede.

Die rentekoers beloop 3 persent gedurende die studietydperk en 5 persent nadat studies voltooi of die kursus gestaak is.

Aansoeke op die amptelike aansoekvorms moet aan die Hoofsekretaris, ATKV, Posbus 4585, Johannesburg, 2000, gerig word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

Nadere besonderhede kan van mnr. C.I. du Plessis by voorgemelde adres verkry word.

A-18

- a. A.V. ALLAN - GEDENKBEURSFONDS
- b. Landbou - Suiwelkunde; of Meganiese Ingenieurswese waar dit 'n omvattende kursus in suiwelingenieurswese insluit
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika wat die kursus aanbied
- d. Vier jaar, mits voorering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurshouer moet onderneem om, nadat hy sy graad verwerf het, die suiwelbedryf van Suid-Afrika vir 'n tydperk van minstens drie jaar te dien.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groeppersoneelbestuurder, Nasionale Suiwelkoöperasie Beperk, Posbus 1579, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van Oktober in elke jaar.

A-19

- a. BANK OVS - BEURSE VIR VOLTYDSE STUDIE
- b. Normaalweg B.Com.-, B.A.- of B.Admin.-kursusse
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 3 jaar
- e. R500 p.j.
- f. Die Bank van die Oranje-Vrystaat Beperk stel jaarliks 'n aantal beurse vir voor- en nagraadse studie beskikbaar.

Aansoekers om beurse moet bewys gelewer het dat hulle oor die potensiaal beskik om 'n universitêre loopbaan met sukses te voltooi; oor karakter en persoonlikheidsienskappe beskik wat hulle geskik sou maak om as beurshouers te kwalifiseer; oor die persoonlike vermoëns beskik om mettertyd in die Bank van die Oranje-Vrystaat tot bestuursvlak te vorder; en 'n studierigting volg soos deur die Bank bepaal sal word.

'n Beurshouer sal na voltooiing van sy studies gebonde wees om by die Bank in diens te tree. 'n Voormalige beurshouer sal verplig wees om vir ten minste die aantal jare waarvoor hy 'n beurs ontvang het, 'n ooreenstemmende aantal jare plus een ekstra jaar in diens van die Bank te staan. Indien hy hierdie bepaling nie nakom nie, sal hy aanspreeklik wees vir terugbetaling van alle beursgelde plus rente, of sodanige gedeelte daarvan soos deur die Bank bepaal mag word.

Beurshouers sal gedurende hulle universitêre loopbaan vir ten minste een lang vakansie per jaar praktiese werk by een of ander tak van die Bank verrig, teen 'n besoldiging soos die Bank mag bepaal.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Bank van die Oranje-Vrystaat Beperk, Posbus 16, Bloemfontein, 9300.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-20

- a. BARLOW RAND-BEURS
- b. Meganiese, Elektrotegniese, Mynbou- en Chemiese Ingenieurswese; Handel (moet by voorkeur gevolg word ter voorbereiding om 'n Geoktrooieerde Rekenmeester te word); Geologie; Metallurgie of M.B.,Ch.B. III
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, kan van jaar tot jaar hernieu word
- e. Klasgelde plus 'n toelaag vir ander uitgawes, onderworpe aan 'n maksimum wat elke jaar na goeddunke van die Beursekeurkomitee bepaal word
- f. 'n Beurshouer is verplig om na graduering, en indien Barlow Rand Beperk hom oproep, in diens van 'n Maatskappy van die Barlow Rand-Groep te tree vir 'n aantal jare wat gelykstaande is aan die tydperk waarvoor die beurs aan hom toegeken is.

Aansoekvorms is verkrygbaar van die Opleidingsdepartement, Kantoor van Groepadministrasie, Barlow Rand Beperk, Posbus 4862, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 Desember.

A-21

- a. B.G. HEYDENRYCH-STUDIEBEURSE
- b. (i) Farmasie - Graad- of diplomakursus
(ii) Regsgeleerdheid, Administrasie of in tegniese vakke wat deur die Staatsdienskommissie erken word
- c. 'n Universiteit of ander aanneemlike opleidingsinrigting
- d. 1 jaar, hernieubaar vir 'n verdere twee jaar, mits werk en gedrag bevredigend is
- e. (i) R500 elk p.j.
(ii) R1 000 elk p.j.
- f. Hierdie beurse is beperk tot jong manne van die Protestantse geloof. Applikante moet in besit wees van 'n eersteklas-matrikulasiesertifikaat en moet een jaar se akademiese studie voltooi het.

'n Kandidaat wat 'n beurs ontvang het wat hom in staat stel om hom te bekwaam vir 'n loopbaan in die Staatsdiens, moet onderneem om na graduering in 'n Staats- of provinsiale departement van die staatsdiens te dien vir 'n tydperk van tot vyf jaar, na gelang van die bedrag van die beurs.

Aansoekvorms en nadere besonderhede aangaande hierdie beurse is verkrygbaar van mnr. J.D. Allen, Besturende Direkteur, Die Eksekuteurskamer, Posbus 86, Kaapstad, 8000.

A-22

- a. B. IURIS-BEURS
- b. Regsgeleerdheid - B. Iuris-graad
- c. Universiteite van die Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit
- d. 3 jaar
- e. Salaris van ongeveer R2 100 p.j.
- f. Kandidate aan wie die beurse toegeken word, word as amptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aangestel en ontvang 'n maandelikse salaris terwyl hulle voltyds studeer.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Posbus 384, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

A-23

- a. BOUBEDRYFBEURSE
- b. B.Sc. Boubestuur of Boukunde
- c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria en die Witwatersrand
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Maksimum van R700 p.j.
- f. Die beurs word beskikbaar gestel aan Blanke kandidate wat aan die toelatingsvereistes van die betrokke universiteit voldoen het. Kandidate wat alreeds aan 'n universiteit ingeskryf is, kan ook in aanmerking kom. Akademiese prestasies is die oorwegende faktor by die toekenning van hierdie beurse.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur, Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Boubedryf, Posbus 11359, Johannesburg, 2000. Aansoeke moet voor 1 November by hierdie adres ingedien word.

A-24

- a. CHRISTIAAN RABIE-STUDIEFONDS
- b. Geneeskunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Een jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R250 per jaar oor vyf jaar met 'n finale toekenning van R400 in die laaste studiejaar
- f. Die Sending van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika stel beurse uit hierdie fonds beskikbaar aan studente wat bereid is om ná voltooiing van hulle studies as geneeshere in die sendinghospitale van die Ned. Geref. Kerk (Kaapland) te dien.

Na vier jaar sendingdiens word geen terugbetaling vereis nie.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Algemene Sendingsekreteraris, Posbus 1012, Kaapstad, 8000. Aansoek kan enige tyd van die jaar by hierdie adres gedoen word.

A-25

- a. DE BEEERS-GROEP-MERIE TE BEURSE
- b. Handel, Elektrotegniese Ingenieurswese, Geologie of Mynbougeologie, Meganiese Ingenieurswese, Geneeskunde, Metallurgie of Chemiese Ingenieurswese, Mynbou-ingenieurswese, Sosiale Wetenskappe of 'n kursus geskik vir Personeelbestuur, Rekenaarwetenskap
- c. Enige goedgekeurde Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Jaarliks hernieubaar vir volle duur van kursus, mits vordering bevredigend is
- e. Bedrag dek volle klas- en koshuishelpe, plus 'n jaarlikse kontanttoelaag van R500
- f. Beurshouers moet onderneem om na voltooiing van hulle studies vir minstens twee jaar by die De Beers-Groep in diens te tree.

Aanzoekers om die toekenning van 'n merietebeurs vir Geneeskunde moet minstens twee jaar van die graadkursus reeds voltooi het.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groepsekretaris, De Beers Consolidated Mines Limited, Posbus 616, Kimberley, 8300.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-26

- a. DEPARTEMENT VAN JUSTISIE - B. IURIS-SKEMA
- b. Regsgeleerdheid - B. Iuris-graad
- c. Universiteite van die Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit
- d. 3 jaar
- e. Volle salaris
- f. Die Departement van Justisie bied gekeurde beamptes die kans aan om deur middel van voltydse universiteitstudie die B.Iuris-graad te verwerf.

Kandidate wat nie beamptes van die Departement is nie, kan ook aansoek doen. Indien hul aansoek suksesvol is, tree hulle dan onmiddellik in diens van die Departement.

Aansoekvorms is verkrygbaar van die Sekretaris van Justisie, Privaatsak X81, Pretoria, 0001. Nadere inligting kan verkry word by mnr. M.G. Pienaar, Telefoon : 482931 x 298.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

A-27

- a. DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE - BEURSSKEMA
- b. B.Sc. Elektrotegniese Ingenieurswese; B.Com. (met voorgeskrewe vakke); B.Arch.; B.Sc. (Rekenaarwetenskap)
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. R1 000 p.j. vir voltydse studie
R300 p.j. vir deeltydse studie
- f. Die Departement stel jaarliks 'n aantal beurse vir voltydse en deeltydse studie beskikbaar aan beamptes wat aan 'n universiteit wil studeer.

Kandidate wat vir die Matrikulasie- of gelykwaardige eksamen ingeskryf is en studente wat reeds aan 'n universiteit studeer, kan ook aansoek doen.

Aanzoekers moet Suid-Afrikaanse burgers wees; 'n Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat besit met Afrikaans en Engels as vakke (asook Wiskunde en Natuur- en Skeikunde - of 'n gelykwaardige vak - in die geval van voornemende B.Sc.-studente) of bewys lewer dat hulle vir die eksamen ingeskryf is, en goeie gesondheid geniet.

Aanzoekers wat nie in die diens van die Departement is nie, moet tot die Diens toetree indien hulle aansoek suksesvol is.

Beurshouers moet 'n ooreenkoms aangaan om na voltooiing van hulle studie in die diens van die Poskantoor te bly vir 'n tydperk van een jaar vir elke jaar waartydens beursgeld betaal is.

Beursgeld is nie terugbetaalbaar nie, mits die beurshouer sy diensverpligting teenoor die Departement nakom.

Beurshouers moet hul studies voltooi binne die minimum tydperk wat vir die kursus neergelê is.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Direkteur, Personeel, HPK, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-26

- a. DR. T.E. DÖNGES-BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit vir Blankes
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. R500 p.j.
- f. Beurse is beskikbaar vir voltydse verdienstelike studente, met besliste voorkeur aan voornemende eerstejaarstudente.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Registrateur van die universiteit waar die applikant wil studeer.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-29

- a. DURBANSE MUNISIPALE BEURS VIR GENEESKUNDE
- b. Geneeskunde
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 6 jaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 300 p.j.
- f. Die Durbanse Stadsraad stel 'n beurs beskikbaar vir 'n Blanke student wie se ouers nie die studiegelde kan bekostig nie of oorlede is.

Om in aanmerking te kom, moet die kandidaat

- nie gelyktydig in besit wees van enige ander toekenning nie;
- sy matrikulasie-eksamens geslaag het in die jaar waarin die beurs geadverteer is;
- normaalweg (nie slegs vir opvoedkundige doeleindes nie) in Durban woonagtig gewees het vir 'n tydperk wat gesamentlik tien jaar beloop en vir nie meer as twee jaar elders gewoon het onmiddellik voor die datum van toekenning van die beurs nie;
- aansoek vir toelating tot die mediese fakulteit van minstens een universiteit gedoen het.

Daar sal van enige beurshouer wat met welslae as 'n mediese dokter gekwalifiseer het, verwag word om in Natal vir 'n minimum tydperk van vyf jaar te praktiseer nadat hy gekwalifiseer het. As hy in gebreke bly om dit te doen, sal hy 'n bedrag aan die Raad moet terugbetaal wat gelykstaande is aan die jaarlikse bedrag van die beurs ten opsigte van die aantal jare minder as 5 wat hy werklik in Natal gepraktiseer het; met dien verstande dat indien die beurshouer verdere studie in 'n gespesialiseerde rigting gedurende die vyf-jaar-tydperk wil onderneem, hy eers die Raad se toestemming moet kry.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Stadsklerk, Munisipale Gebou, Wesstraat, Durban, 4001, (Posbus 1014). Die sluitingsdatum vir aansoeke is 6 Desember.

A-30

- a. EDENVALESE JUBILEUMBEURSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Universiteit of onderwysersopleidingskollege in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 3 jaar mits vordering bevredigend is
- e. R120 elk p.j.
- f. Hoogstens vier na-matrikulasiebeurse word jaarliks deur die Stadsraad van Edenvale toegeken aan leerlinge wie se ouers of wettige voogde vir minstens 18 maande binne die munisipale gebied van Edenvale woonagtig is.

Die volgende word by die toekenning van beurse oorweeg :

Skoolprestasies in standerd 10; algemene karaktereienskappe van die leerling soos pligsgetrouheid ensovoorts, en die minimum skolastiese persentasie van minstens 60 persent.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Klerk van die Raad, Posbus 25, Edenvale, 1610. Voltooiide aansoekvorms moet by die Stadsklerk nie later nie as 7 Februarie van elke jaar ingedien word.

A-31

- a. ELLIE MARX MEMORIAL SCHOLARSHIP FUND
- b. Musiek - Viool
- c. Vir studie in die buiteland
- d. 3 jaar
- e. R400 p.j.
- f. Die merietebeurs is beskikbaar vir 'n nagraadse of 'n voorgraadse student wat belofte toon om 'n solis van besondere formaat te word.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Eresekretaresse, Mev. M.L. Lindsay, Ladywood, Hillwoodlaan, Claremont, 7700.

A-32

- a. ERNEST OPPENHEIMER GEDENKTRUST - VOORGRAADSE BEURSE
- b. Onbeperk
- c. Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland en al die universiteite in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar tot graduering, mits werkverrigting en gedrag bevredigend is
- e. Na gelang van die Trust se bepaling van die kandidaat se geldelike behoefte
- f. Keuring geskied op grond van geldelike behoefte van die kandidaat en sy/haar familie en die akademiese verdienstelikheid van die kandidaat.

Aansoekvorms is verkrygbaar van die Registrateurs van die bogenoemde universiteite of van die Sekretaris, Die Ernest Oppenheimer Gedenktrust, Posbus 31587, Marshalltown, 2107.

Applikante moet nie later as 30 November hul aansoeke by die Sekretaris van die Oppenheimer Trust indien. 'n Getuigskrif of verslag van die skoolhoof moet by die vorm aangeheg word en kandidate aan 'n universiteit moet boonop probeer om 'n aanbeveling van die betrokke universiteit in te sluit.

A-33

- a. EVERITE-BEURSSKEMA
- b. Onbeperk
- c. Enige erkende voltydse universiteit, universiteitskollege of tegniese kollege in Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Na gelang van die student se behoeftes
- f. Voorkeur sal verleen word aan studente met bogemiddelde aanleg wat nie hulle studies na standaard tien sou kon voortsit sonder finansiële bystand nie.

Indienstreding by Everite na voltooiing van die opleiding is nie 'n vereiste nie, maar sal oorweeg word.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar by : Beursskema, Groeppersoneelbestuurder, Everite Beperk, Posbus 31166, Braamfontein, 2017.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-34

- a. EVKOM SE BEURSLENINGSKEMA VIR SUID-AFRIKAANSE BURGERS
- b. Elektrotegniese, Meganiiese of Siviele Ingenieurswese; Chemiese; Metallurgie; Landmeetkunde; Argitektuur; Bourekenkunde; Rekenaarwetenskap; Handel
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. Die bedrag word vasgestel om voorsiening te maak vir klasgelde, koshuisgelde, sakgeld en boeke.
- f. Dit is noodsaaklik dat aansoekers om beurslenings in Ingenieurswese hoër punte in Wiskunde en Natuurwetenskap in hul Matriekexamens moet behaal. Oor die algemeen word groot waarde geheg aan 'n eersteklas in die Matriekexamens. Oorweging sal egter ook gegee word aan aansoekers wat goed in die tweede klas slaag mits hulle deur hul skoolhoofde aanbeveel word.

Studente wat reeds op universiteit is, kan ook aansoek doen. Aandag word ook geskenk aan persoonlike eienskappe soos leierskap, integriteit en betroubaarheid.

Waar die universiteit dit verlang, moet beursstudente in Ingenieurswese hul universiteitsvakansiewerk in diens van Evkom verrig, tensy anders ooreengekom.

Na voltooiing van die graadkursus moet beurshouers, met die oog op terugbetaling van die beurslening, in Evkom se diens tree en in sy diens bly vir 'n aantal jare gelyk aan die termyn van die beurslening, met dien verstande dat dit nie korter as twee en nie langer as vier jaar moet wees nie.

Indien die beursleninghouer nie na wense vorder nie, kan die beurs te eniger tyd ingetrek word, en dan moet die lening, plus rente, onmiddellik of paaiementsgewys terugbetaal word.

'n Student mag nie aansoek doen om of die houer wees van enige ander beurs sonder Evkom se goedkeuring nie.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, Posbus 1091, Johannesburg, 2000.

Alle briefwisseling in verband met beurse moet duidelik gemerk wees :

BEURSLENING.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-35

- a. FAK-MUSIEKBEURSE
- b. Musiek of Sang
- c. (i) -
(ii) By 'n erkende leermeester(-es) of aan 'n erkende inrigting in Suid-Afrika of oorsee
- d. -
- e. (i) R100
(ii) R600
- f. (i) 'n Junior FAK-musiekbeurs is beskikbaar vir leerlinge wie se 18e verjaarsdag na 31 Oktober val. As minimum vereiste sal die suksesvolle aflegging van 'n musiekeksamen van die Universiteit van Suid-Afrika geld.
(ii) 'n Senior FAK-musiekbeurs is beskikbaar vir studente wie se 10e verjaarsdag voor 31 Oktober val en wat hulle musiekstudies wil voortsit. As minimum vereiste sal die suksesvolle aflegging van 'n finale musiekeksamen van die Universiteit van Suid-Afrika geld. Van hierdie vereiste kan afgesien word in die geval van verdienstelike persone wat op 'n ander manier bewys gelewer het van prestasies op die gebied van musiek of sang.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Hoofsekretaris, FAK, Posbus 8711, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-36

- a. FEDERALE MYNBOU / GENERAL MINING - GROEP - BEURSSKEMA
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van die kursus; word jaarliks hernieu mits die student in elke semester alle vakke slaag
- e. Dek alle universiteits- en losiesgelde plus R200 vir boeke en sakgeld
- f. Beurshouers is nie verplig om na voltooiing van hul studies vir die Groep te werk nie.

Die minimum standaard waaraan aansoekers moet voldoen, is matriek in die eerste klas met twee onderskeidings.

Beurse word toegeken aan matrikulante asook aan studente wat reeds een of meer jare aan 'n universiteit suksesvol afgelê het.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris van die Beursfonds, Federale Mynbou / General Mining - groep, Posbus 61820, Marshalltown, 2107.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-37

- a. FERALLUYS LIMITED - BEURSSKEMA
- b. Metallurgiese (verkieslik Fisiese), Meganiese en Elektrotegniese Ingenieurswese
- c. in Goeedgekeurde Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Volle klagelde plus registrasie- en koshuisgelde plus kontanttoelaag van R400 p.j.
- f. Beurse vir voltyuse studie vir die B.Sc. Ing.-graad is beskikbaar vir jong Suid-Afrikaners wat met Wiskunde en Wetenskap as vakke gematrikuleer het. Studente wat alreeds een of meer jare van die kursusse onder b voltooi het, kan ook aansoek doen.

Applikante moet onder 25 jaar oud wees.

Die oogmerk met die beurs is om 'n geskikte kandidaat in staat te stel om 'n senior betrekking in die metaalnwyerheid te kan beklee.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groeppersoneelbestuurder (Myne), Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company, Limited, Posbus 82373, Marshalltown, 2107.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is gewoonlik in September.

A-38

- a. FOSKOR OPVOEDKUNDIGE BEURSLENINGS
- b. Chemiese, Elektrotegniese, Meganiese, Metallurgiese en Mynbou-ingenieurswese en B.Sc. (Suiwer Wetenskappe)
- c. Enige goedgekeurde universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Jaarliks hernieubaar vir die duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Voorkeur sal aan applikante gegee word wat reeds hul eerste of tweede studiejaar suksesvol voltooi het.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Personeelsuperintendent, Foskor, Posbus 1, Phalaborwa, 1390.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-39

- a. FVB-BEURS
- b. B.Com. met Rekeningkunde III en moet daarna kwalifiseer as Oektrooiende Rekeningmeester
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Administratiewe Bestuurder, Federale Volksbeleggings Beperk, Posbus 2911, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

GEMEENSKAPLIKE MATRIKULASIERAAD - STUDIEBEURSE

Die volgende studiebeurse word namens die Komitee van Universiteitshoofde toegeken deur die Raad.

Kandidate wat weens verpligte militêre opleiding nie in staat is om die studiebeurs in die jaar van toekenning te aanvaar nie, word toegelaat om dit in die daaropvolgende jaar te doen.

Geen aansoeke word vir hierdie beurse vereis nie.

A-40

a. BARTLE FREER-STUDIEBEURS

b. Onbeperk

c. -

d. -

e. R50

f. Die studiebeurs word jaarliks in Desember by die Matrikulasië-eksamen of die Senior Sertifikaateksamen van die Departement van Nasionale Opvoeding, of die Senior Sertifikaateksamen van een van die provinsiale departemente van onderwys toegeken aan 'n kandidaat wat na die mening van die Raad die hoogste persentasie punte in die vak Geskiedenis behaal het, met 75 persent as minimum: Met dien verstande dat so 'n kandidaat -

- (i) die matrikulasiesertifikaat of 'n onvoorwaardelike sertifikaat van vrystelling van die matrikulasië-eksamen uitgereik deur die Raad, behaal; en
- (ii) onder die ouderdom van negentien jaar is op die eerste dag van Januarie wat volg op die datum van die eksamen.

A-41

a. MATRIKULASIE-STUDIEBEURS VIR HEBREEUS

b. Onbeperk

c. Enige universiteit in Suid-Afrika

d. 1 jaar

e. R50

f. Die studiebeurs word jaarliks in Desember na die Matrikulasië-eksamen of die Senior Sertifikaateksamen van die Departement van Nasionale Opvoeding, of die Senior Sertifikaateksamen van enige provinsiale departement van onderwys toegeken aan die kandidaat wat na die mening van die Raad die hoogste persentasie punte in die vak Hebreeus behaal het, met 75 persent as minimum: Met dien verstande dat -

- (i) ðf sy ouers of voogde in die Republiek van Suid-Afrika of Rhodesië woonagtig is, ðf hy gedurende die jaar onmiddellik vóór die eksamen in die Republiek van Suid-Afrika of in Rhodesië gestudeer het;
- (ii) hy die matrikulasiesertifikaat of 'n onvoorwaardelike sertifikaat van vrystelling van die matrikulasië-eksamen, uitgereik deur die Raad, behaal; en
- (iii) hy onder die ouderdom van negentien jaar is op die eerste dag van Januarie vóór die datum van die eksamen.

A-42

- a. SOUTH AFRICAN WORKROOMS (LONDEN) - BEURS
- b. 'n Graadkursus in 'n Wetenskapvak
- c. Enige universiteit
- d. 1 jaar
- e. R80 elk
- f. Twee beurse mag jaarliks in Desember toegeken word aan die twee kandidate wat by die Matrikulasië-eksamen of die Senior Sertifikaateksamen van die Departement van Nasionale Opvoeding of van enige provinsiale onderwysdepartement wat na die mening van die Raad die hoogste punte behaal het in Wiskunde of 'n natuurwetenskapvak, met 50 persent as minimum : Met dien verstande dat -
 - (i) ðf so 'n kandidaat se ouers of voogde in die Republiek van Suid-Afrika of Rhodesië woonagtig is, ðf hy gedurende die jaar onmiddellik vóór die datum van die eksamen in die Republiek van Suid-Afrika gestudeer het; en
 - (ii) hy onder die ouderdom van 19 jaar is op die eerste dag van Januarie wat volg op die datum van die eksamen.

By die toekenning van die beurse word Wiskunde en die ander wetenskappe in drie groepe beskou, uit wil sê :

- (i) Wiskunde
- (ii) Fisika, Chemie, Natuur- en Skeikunde
- (iii) Biologie, Plantkunde, Dierkunde, Geologie.

A-43

- a. GEMEENSKAPLIKE MATRIKULASIERAAD - BEURS
- b. 'n Graadkursus
- c. Enige universiteit
- d. 1 jaar mits vordering en gedrag bevredigend is
- e. R100
- f. Die beurs sal jaarliks in Desember toegeken word aan die kandidaat in die Matrikulasië-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat volgens die mening van die Raad die hoogste groototaal verwerf het en wat in sy keuse van vakke Wiskunde en een van Grieks, Frans, Duits, Hebreeus of Latyn ingesluit het : Met dien verstande dat -
 - (i) ðf sy ouers of voogde in die Republiek van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika woonagtig is ðf hy gedurende die jaar wat die eksamen onmiddellik voorafgaan sy studies in die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika voortgesit het; en
 - (ii) hy op die eerste dag van Januarie ná die datum van die eksamen onder die ouderdom van 19 jaar is.

A-44

- a. GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSBEURS
- b. B.Com.
- c. Enige universiteit
- d. Een jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Kyk f
- f. Die beurs is beskikbaar vir studente wat alreeds een of twee jaar studie voltooi het. Tweedejaarstudente kry twee jaarlikse bedrae van R450 elk terwyl 'n derdejaarstudent die volle R900 gedurende sy finale studiejaar ontvang.

Beurshouers moet 'n kontrak teken dat hulle na voltooiing van hul studies by die Rekenmeestersfirma in diens sal tree.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Vennote, Posbus 354, Pietersburg, 0700. Aansoeke moet hierdie adres voor 31 Desember bereik.

A-45

- a. GOUDVELDE VAN SUID-AFRIKA - BEURS
- b. Mynbou-, Meganiese, Elektrotegniese en Metallurgiese Ingenieurswese, Handel of Geneeskunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir 'n maksimum tydperk van 4 jaar, mits vordering bevredigend is
- e. Klas- en koshuisgelde plus 'n persoonlike toelaag van R285 p.j. en 'n boektoelaag van R115 p.j.
- f. Kandidate moet onder 22 jaar wees ten opsigte van die jaar waarvoor hulle aansoek doen. Manlike kandidate moet militêre opleiding reeds voltooi het of vrystelling ontvang het. Beurshouers moet bereid wees om vir minstens twee jaar by die Groep in diens te tree.

Aansoeke moet gerig word aan die Groeppersoneelbeampte, Goudvelde van Suid-Afrika Beperk, Posbus 1167, Johannesburg, 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 September.

A-46

- a. GRINAKER HOLDINGS BEPERK - BEURSSKEMA
- b. Siviele Ingenieurswese of Boukunde
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika of Rhodesië
- d. Jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Voornemende studente en studente wat reeds studeer kan aansoek doen.

Beurshouers moet gedurende die universiteitssomervakansie by die Grinaker-Groep werk.

Dit word van beurshouers verwag dat hulle na graduering of die beurslening op kontantbasis terug sal betaal of diens in die Grinaker-Groep sal aanvaar op die basis van een jaar diens vir elke studiejaar onderhewig aan 'n maksimum tydperk van drie jaar.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groep Opleidingsbeampte, Posbus 75102, Garden View, Johannesburg, 2047.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-47

- a. GUY SUTTON - GEDENKBEURS
- b. By voorkeur Ingenieurswese of Chemie
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika
- d. 3 jaar; kan verleng word; jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Geen vasgestelde bedrag

- f. n Aantal beurse is beskikbaar vir studente van enige ras of kleur. Voorkeur word gegee aan kinders van ouers wat nie in staat is om sonder finansiële steun hul kinders verder te laat studeer nie.

Aansoeke moet ten eerste gedoen word by die universiteit waar die student van voornemens is om te studeer, en toekennings sal alleenlik geskied indien die betrokke universiteit bereid is om die student aan te beveel en na gelang van die aantal beskikbare beurse na goeddunke van die Lion Match Company Limited.

Beurshouers staan onder geen verpligting om by die Lion Match Company Limited in diens te tree nie.

A-48

- a. H.A. KOCH-MERIETEBEURS
b. Onbeperk
c. Enige goedgekeurde opvoedkundige inrigting
d. Duur van die kursus
e. R500 p.j.
f. Leerlinge wat vir n ononderbroke tydperk van minstens een jaar n Blankeskoel bygewoon het wat onder beheer van die Natalse Onderwysdepartement binne die plaaslike owerheidsgebiede van Singindlovu, Mtunzini, Empangeni, Eshowe of die Amatikulu - distrik geleë is, kom in aanmerking vir die beurs.

Aansoeke moet gerig word aan die Direkteur van Onderwys, Natalse Onderwysdepartement, Privaatsak X9044, Pietermaritzburg, 3200.

Die sluitingsuatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-49

- a. HALFEEUFEESEFONDS VAN DIE HEIDELBERGSE ONDERWYSKOLLEGE
b. Onderwys
c. Enige universiteit
d. 1 jaar
e. Volgens behoefte
f. Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, Halfeeufeesfonds van die Heidelbergse Onderwyskollege, Posbus 20013, Alkantrant, Pretoria, 0005.

Die sluitingsuatum vir aansoeke is 1 Oktober jaarliks.

A-50

- a. HENNY EN AALBERSBERG - BEURS
b. Siviele, Meganiese of Elektrotegniese Ingenieurswese
c. Universiteite van Natal, Pretoria en die Witwatersrand en die Randse Afrikaanse Universiteit
d. 1 jaar
e. R1 200, betaalbaar teen R100 per maand
f. Die beurs word by voorkeur toegesken aan n finalejaarstudent.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van Henny & Aalbersberg Ing., Posbus 31106, Braamfontein, 2017.

Die sluitingsuatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-51

- a. HOMES TRUST LEWENS - BEURSE
- b. 'n Baccalaureusgraad met die oog op aktuariële studie
- c. 'n Goedgekeurde universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 3 tot 4 jaar, mits vordering bevredigend is
- e. R900 tot R1 000 p.j.
- f. Homes Trust Lewens stel jaarliks beurse beskikbaar aan belowende Blanke manstude-
dente wat voornemens of reeds besig is om 'n Baccalaureusgraad te verwerf.

Na voltooiing van sy studies, moet die beurshouer by Homes Trust Lewens in diens tree vir 'n tydperk wat gelykstaande is aan die aantal jare waarvoor die beurs aan hom uitbetaal is. Indien die beurshouer nie sy dienskontrak nakom nie, moet hy die beursgeld wat hy ontvang het, terugbetaal.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Homes Trust Lewens, Posbus 93, Kaapstad, 8000. Aansoeke moet hierdie adres voor 31 Oktober van elke jaar bereik.

A-52

- a. H.S. EBRAHIM-GEDENKTRUST
- b. Geneeskunde by voorkeur
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. Dek gelde, boeke en instrumente - nie losiesgelde nie
- f. Die beurslenings is beskikbaar vir alle studente afgesien van ras, gousuiens, stand of geloof. Studente wat reeds hul tweede studiejaar in Geneeskunde met sukses afgelaê het, geniet voorkeur.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, H.S. Ebrahim (Edms.) Bpk., Posbus 709, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November elke jaar.

A-53

- a. INSTITUUT VAN LANDMETERS VAN TRANSVAAL - BEURS
- b. Landmeetkunde
- c. Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand
- d. -
- e. R500 p.j.
- f. Een beurs word jaarliks beskikbaar gestel aan Suid-Afrikaanse burgers.

Aansoeke moet die Sekretaris, Die Instituut van Landmeters van Transvaal, Posbus 61019, Marshalltown, 2107, voor 31 Oktober bereik.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is ook van dieselfde adres verkrygbaar.

A-54

- a. INSTITUUT VAN SUID-AFRIKAANSE ARGITEKTE - BEURSE
- b. Argitektuur
- c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria en die Witwatersrand
- d. 1 jaar
- e. R500 elk per jaar vir elk van die ses universiteite
- f. Die Nasionale Bestuur van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte stel jaarliks 'n beurs beskikbaar aan elk van die ses Argitektuurskole onder die voorwaarde dat die toekenning op 'n meriete-basis (en waar finansiële hulp nouig is) gemaak word.

Aansoeke moet deur die Hoof van die Departement van Argitektuur aan die Registrateur van die betrokke universiteit gedoen word.

Die sluitingsdatum vir aansoeke hang af van die betrokke universiteit.

A-55

- a. J.C. BITCON-BEURS
- b. B.Sc. Boukunde of Boubestuur
- c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Port Elizabeth, Pretoria en die Witwatersrand
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. R700 p.j.
- f. Die beurs word beskikbaar gestel aan blanke kandidate wat aan die toelatingsvereistes van die betrokke universiteit voloop het. Kandidate wat alreeds aan 'n universiteit ingeskryf is, kan ook in aanmerking kom.

Voorkeur sal aan kandidate gegee word in die volgorde :

- (i) Seuns van lede van die Federasie van Bounywerhede (Suid-Afrika)
- (ii) seuns van lede van vakunies in die Boubedryf
- (iii) ander applikante.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur, Nasionale Ontwikkelingsburo vir die Boubedryf, Posbus 11359, Johannesburg, 2000. Aansoeke moet voor 1 November by hierdie adres ingedien word.

A-56

- a. JOUBERT-FONDS
- b. Teologie
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van die kursus
- e. Geen vasgestelde bedrag
- f. Die studielening is slegs beskikbaar vir lidmate van die N.D. Kerk.

Nadere inligting is verkrygbaar van die Kassier, Joubert Fonds, Posbus 950, Pretoria, 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie.

- a. KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT - GELDELIKE HULP VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS
- b. Enige goedgekeurde graad- en/of diplomakursus in die Onderwysrigting
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika en alleenlik opleidingskolleges in die Kaapprovinsie
- d. Duur van kursus(se)
- e. R810 per jaar

Die volgende bedrae kan ook toegeken word :

Prestasietoekennings aan universiteitstudiante :

- Taalprestasietoekennings van R60 per jaar aan studente wat in die standerd 10-eksamen minstens 50 persent in elk van die twee amptelike tale in die hoër graad of minstens 50 persent in 'n amptelike taal in die hoër graad en minstens 60 persent in die ander amptelike taal in die standaard graad behaal het
 - Prestasietoekennings van R420 per jaar aan studente wat kursusse in die vakke Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Engels volg, met dien verstande dat eerstejaarstudente 'n C-simbool in die betrokke vak sowel as in die gemiddelde in die Senior Sertifikaat-eksamen moet behaal het
 - Prestasietoekennings van R120 per jaar aan alle studente wat nie vir bogemelde prestasietoekennings van R420 per jaar in aanmerking kom nie.
- f. Die vakke wat vir Baccalaureusgrade gevolg word, moet sover moontlik skoolvakke wees. Geldelike hulp sal op die volgende voorwaardes toegeken woru :
- (i) Die kursus wat die student volg, moet deur die Departement goedgekeur word.
 - (ii) 'n Inspekteur van Onderwys moet sertifiseer dat die aansoeker geskik is vir toelating tot die kursus(se) vir die graad/onderwysersdiploma.
 - (iii) Die aansoeker moet 'n bevredigende mediese sertifikaat indien.
 - (iv) Die student verbind hom om na behaling van die Onderwysersdiploma onmiddellik as onderwyser in 'n skool onder die Departement in die afdeling (d.w.s. sekondêr of primêr) waarvoor hy hom bekwaam het of wat deur die Departement goedgekeur word, diens te doen vir 'n tydperk gelykstaande aan die tydperk waarvoor geldelike hulp aan hom toegeken is; met dien verstande dat indien die student sy ooreenkoms verbreek, pro rata - kwytskelding van terugbetaling van die geldelike hulp aan hom verleen sal word vir elke voltooide skoolkwartaal wat hy as sodanig gedien het.
 - (v) Indien die student die universiteit verlaat of nie gereeld bywoon nie, of sy gedrag en vordering na die mening van die Departement nie bevredigend is nie, kan die geldelike hulp ingetrek of opgeskort word.
 - (vi) Indien die vereistes nie nagekom word nie, is die volle bedrag van die geldelike hulp of die gedeelte daarvan wat deur die Departement bepaal word, onmiddellik aan die Departement verskuldig en in een som terugbetaalbaar; met dien verstande dat indien terugbetaling nie onmiddellik geskied nie, rente teen die koers wat die Tesourie voorskryf van die datum van kontrakbreuk gehef woru.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Direkteur van Onderwys, Posbus 13, Kaapstad, 8000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is gewoonlik die einde van Februarie van elke jaar.

A-38

- a. KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT - VERDIENSTELIKHEIDSBEURSE
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit of opleidingskollege
- d. 3 jaar
- e. R200 p.j.
- f. Verdienstelikheidsbeurse kan toegeken word aan kandidate wat in die Kaaplandse Senior Sertifikaat-eksamen in hul groototaal 'n A-simbool (80% of meer) behaal het, op voorwaarde dat hulle hul studie aan 'n universiteit of opleidingskollege as voltydse studente voortsit.

Ná afloop van die drie jaar kan aan sodanige kandidate 'n verdere beurs vir nog een jaar toegeken word op voorwaarde dat hulle bewys lewer van die suksesvolle voltooiing van hul driejarige studie en op voorwaarde dat die Departement tevrede gestel word dat die kursusse wat in die vierde jaar gevolg sal word, van 'n verdienstelike aard is.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur van Onderwys (Eksamenafdeling), Posbus 13, Kaapstad, 8000.

A-39

- a. KAMER VAN MYNWESE - BEURSE
- b. 'n Baccalaureusgraad
- c. Enige residensie universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Jaarliks hernieubaar mits bevredigende verslae oor die beurshouer se vooruitgang ontvang word, vir die volle duur van die gekose kursus
- e. (i) 'n Beurshouer wat in 'n universiteitskoshuis inwoon, ontvang 'n onderhoudstoelae van R350 per jaar in kwartaallikse kontantpaaimente, en daarbenedienens betaal die Kamer van Mynwese die volgende beurse regstreeks aan die betrokke universiteit :

Die registrasiegeld; die volle klasgeld vir die gekose kursus; en die koste van inwoning in die universiteitskoshuis.

- (ii) 'n Beurshouer wat nie in 'n universiteitskoshuis inwoon nie, ontvang 'n onderhoudstoelae van R300 per jaar in kwartaallikse kontantpaaimente en 'n toelae vir kos en inwoning wat deur die Kamer van Mynwese bereken word om die ontvanger in staat te stel om vir kos en inwoning te betaal. Sulke beurshouers moet self losiesreëlings tref.

Daarbenewens betaal die Kamer van Mynwese die volgende beurse regstreeks aan die betrokke universiteit :

Die registrasiegeld; en die volle klasgeld vir die gekose kursus.

- f. 'n Aantal beurse word jaarlik vir gekose kandidate beskikbaar gestel. Om vir 'n beurs in aanmerking te kom, moet die aansoeker -
- 'n werknemer of 'n afhanklike van 'n werknemer wees van 'n mynmaatskappy, lid van die Kamer van Mynwese, wat op die eerste dag van die jaar ten opsigte waarvan die beurse toegeken word, twaalf maande diens by lede van die Kamer van Mynwese voltooi het; in die geval van aansoekers vir die beurse wat voornemens is om 'n kursus te volg wat deur die Kamer van Mynwese beskou word as in die belang van die mynnywerheid, sal die diensyd na goeddunke van die Kamer wees;
- of 'n afhanklike van 'n voormalige werknemer van 'n mynmaatskappy, lid van die Kamer van Mynwese, wat weens blywende arbeidsongeskiktheid of met pensioen afgetree het en wat by sodanige atrede 'n voordeel van die Witwatersrandse Louwmynerknemersvoorsieningsbonus ontvang het;

of 'n afhanklike wees van 'n voormalige werknemer van 'n mynmaatskappy, lid van die Kamer van Mynwese, wat gesterf het onderwyl hy in die diens was van so 'n myn.

'n Aansoeker moet onder die ouderdom van 22 jaar wees op 1 Januarie van die jaar waarin die beurs toegeken staan te word, en moet 'n Matrikulasië- of gelykwaardige sertifikaat besit wat vir universiteitstoelating geldig is.

Inge vulde aansoekvorme word tot 15 Januarie aanvaar.

Aansoekers wat die Matrikulasië-eksamen onlangs afgeleë het, moet hulle simbole aan die Kamer van Mynwese verstrek sodra dit beskikbaar is. Aansoeke sal uitgesluit word indien die simbole die Studiebeursbeampte nie uiterlik op 20 Januarie bereik nie.

Navrae moet gerig word aan die Studiebeursbeampte, Kamer van Mynwese van Suid-Afrika, Posbus 809, Johannesburg, 2000, en die volle naam van die betrokke mynwerknemer, asook sy voorsieningsfondsnommer en die naam van die myn waar hy werk of laas gewerk het, moet gemeld word.

A-60

- a. KOSTER KOÖPERATIEWE LANDBOUMAATSKAPPY BEPERK - BEURSLENINGSKEMA
- b. B.Sc. (Agric.) met Landbou-ekonomie as hoofrigting
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus; jaarliks hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. R600 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir gematrikuleerdes woonagtig in die gebied van die Maatskappy.

Aansoekvorme en nadere besonderhede is verkrygbaar van : Die Hoofbestuurder, Koster Koöperatiewe Landboumaatskappy Beperk, Posbus 3, Koster, 2825.
Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie.

A-61

- a. KRIGE-STUDIEFONDS
- b. Teologie, Onderwys, Maatskaplike Werk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R150 p.j.
- f. Die Sending van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika stel beurse beskikbaar aan persone wat voornemens is om in die sending te dien.

Na voltooiing van studies moet die beurshouer in die sendingdiens tree as 'n sendeling, onderwyser/es of maatskaplike werker/ster. Na vier jaar sendingdiens word geen terugbetalings vereis nie.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Algemene Senuingsekretaris, Posbus 1012, Kaapstad, 8000. Aansoeke kan enige tyd van die jaar by hierdie adres gedoen word.

A-62

- a. KRYGSTUIGONTWIKKELINGS- EN VERVAARDIGINGSKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA BPK. - BEURS
- b. Meganiese, Elektrotegniese, Bedryfs-, Metallurgiese en Chemiese Ingenieurswese; of enige ander rigting waarin daar 'n behoefte is, bv. B.Sc. met Chemie as 'n hoofvak
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika wat die kursusse aanbied
- d. Duur van die kursus indien vordering bevredigend is
- e. Klas- en koshuisgelde plus R350 vir ander kontantuitgawes. Studente wat privaat loseer sal 'n bedrag ontvang wat gelykstaande is aan die koshuisgeld van die betrokke universiteit.
- f. Die beurshouer is verplig om na voltooiing van sy kursus in diens van die Armscor-groep maatskappye te tree vir 'n aantal jare wat gelykstaande is aan die tydperk waarvoor die beurs aan hom toegeken is.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Armscor, Posbus 4568, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November elke jaar.

A-63

- a. KRYGSTUIGRAAD - BEURS
- b. Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernicubaar indien vordering bevredigend is
- e. Die volgende word ingesluit : Klas- en losiesgelde en 'n kontantbedrag van R350 per jaar; werkgewer en werknemer se bydraes tot die Pensioenfonds, Werkloosheidsversekeringsfonds, mediese skema en Groeplewensversekeringskema Merietetoekennings wat wissel van R100 tot R700 per jaar na gelang van prestasie word aan beurshouers toegeken. Hierdie toekennings maak egter nie deel uit van die beursverpligting nie.
- f. Beurshouers moet na voltooiing van hul studies in diens van die Krygstuigraad tree op die basis van een jaar diens vir elke jaar waarvoor 'n beurs toegeken is.

Volledige inligting in verband met hierdie beursskema is verkrygbaar van :

Die Bestuurder : Departement Personeel, Krygstuigraau, Privaatsak X337, Pretoria, 0001.

Aansoeke moet voor 30 September van die betrokke jaar aan bogenoemde adres gerig word.

A-64

- a. LADYSMITH MUNISIPALE BEURS
- b. Onbeperk
- c. -
- d. 3 jaar
- e. Blankes : R50 p.j.
Indiërs : R40 p.j.
- f. Die Stadsraad van Ladysmith stel beurse beskikbaar aan Blankes, Indiërs en Kleurlinge.

Blankes : Die toekenning is beskikbaar vir leerlinge wie se ouers vir vyf aaneenlopende jare in Ladysmith onmiddellik voor die datum van toekenning van die beurs woonagtig was.

Aansoekers moet ouer as 16 wees. Die beurs word slegs toegeken aan skoliere wat die Matrikulasië- of gelykwaardige eksamen geslaag het.

Indiërs : Die toekenning is beskikbaar vir leerlinge wat bona fide-inwoners van Ladysmith is, en vir 'n tydperk van vyf aaneenlopende jare onmiddellik voor die datum van toekenning in Ladysmith woonagtig was.

Beurse word slegs aan leerlinge wat suksesvol was in die Senior-eksamen, toegeken.

Kleurlinge : Beurse word slegs toegeken aan leerlinge wat hulle sekondêre onderwys wil voortsit.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Stadsklerk, Posbus 29, Ladysmith, Natal, 3370.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van Januarie of die begin van Februarie van elke jaar.

A-65

- a. LANDMETERS VAN SUID-AFRIKA - OORLOGSGEDENKBEURS
- b. Landmeetkunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Jaarliks hernieubaar vir volle vier jaar van die kursus
- e. Klasgelde plus R50
- f. Een beurs is jaarliks beskikbaar aan inwoners van Rhodesië of die Republiek van Suid-Afrika. Voorkeur word gegee aan lede, of seuns van lede, van die 45ste, 46ste of 49ste Opmetingseenheid of van die gewapende magte van Rhodesië of Suid-Afrika tydens die 1939-1945-oorlog.

Aansoeke moet voor 31 Oktober gerig word aan die Voorsitter, Die Sentrale Landmetersraad van die Republiek van Suid-Afrika, Posbus 154, Stellenbosch, 7600.

A-66

- a. MASSEY-FERGUSON (SUID-AFRIKA) STIGTING VIR GEVORDERDE ONDERWYS EN NAVORSING-TOEKENNING
- b. Studierigtings wat sal bydra tot landbou-, industriële en konstruksiemeganisasie en vervaardiging
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. R900 p.j.
- f. Die Stigting voorsien onder andere beurse, skenkings, subsidies of ander vorms van bystand aan voorgraadse studente of ander geskikte persone om hulle studies voort te sit.

Houers van enige toekennings staan onder geen verpligting teenoor die Maatskappy nie en beurse is ook nie terugbetaalbaar nie.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, Massey-Ferguson (Suid-Afrika) Stigting vir Gevorderde Onderwys en Navorsing, Posbus 677, Vereeniging, 1930.

Aansoeke moet aan genoemde adres voor 15 Augustus gerig word.

A-67

- a. MESSINA (TVL.) DEVELOPMENT CO. LTD. - BEURSE
- b. Mynbou-, Meganiese of Elektrotegniese Ingenieurswese; Mynbougeologie; Metallurgie of Metallurgiese Ingenieurswese; of Industriële Chemie
- c. Enige goedgekeurde universiteit, maar by voorkour Suid-Afrikaanse universiteite
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. Dek onderriggelde, koshuisgelde, ens., en 'n toelae vir boeke, uitrusting en toevallige uitgawe
- f. Manlike matrikulante en universiteitstudente met hoë akademiese rekords, vernameelik in Wiskunde, kom in aanmerking vir hierdie toekennings.

Die totale waarde van die beurs word as 'n rentevrye lening aan die beurshouer beskou. Die lening sal afgeskryf word deur 'n persentasie van die totaal vir elke nagraause jaar wat die beurshouer in diens van die Messina-Groep van Maatskappye voltooi. Dit wil sê die lening sal ten volle deur die beurshouer gedeelg wees nadat hy by die Messina-Groep vir dieselfde aantal jare as wat hy gedurende sy universiteitsloopbaan finansiële steun ontvang het, gewerk het.

Vakansie-opleiding teen besoldiging word aan suksesvolle kandidate gebied.

Die suksesvolle kandidate sal deur middel van 'n persoonlike onderhoud gekeur word.

Aansoekvorms, wat voor 31 Oktober saam met 'n paspoortgrootte-foto en afskrifte van getuigskrifte en sertifikate ingedien moet word, is verkrygbaar van die Besturende Direkteur, The Messina (TVL.) Development Co. Ltd., Posbus 8797, Johannesburg, 2000.

A-68

- a. MICHAEL MILLER-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van die kursus; kan vir 'n tweede graad- of diplomakursus verleng word
- e. Alle gelde
- f. Die OK Bazaars (1929) Beperk stel die beurs beskikbaar vir kinders van personeellede van alle rasse, van pensioentrekkers en van oorlede personeellede wat minstens vyf jaar in diens van die Maatskappy was.

Die beurs word deur keuring toegeken aan aansoekers wat reeds bewys gelewer het van hul vermoë om die gemeenskap te dien.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, OK Bazaars (1929) Beperk, Posbus 3171, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is September.

A-69

- a. MSD - MERIETEBEURSE
- b. Agronomie, Geneeskunde, Farmasie, Veeartsenykunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Maksimum van die laaste drie studeejare voor graduering
- e. Klasgelde, losiesgelde en boeke tot 'n maksimum van ongeveer R400 p.j.

- f. MSD-beurse word vir voltydse studie toegeken op grond van bevredigende uitslae soos bewys deur die akademiese prestasies van die vorige studiejare, finansiële behoefte en bewys van eienskappe van goeie burgerskap. Jaarlikse hernuwings van toekennings word gemaak op grond daarvan dat studente deurgaans voldoen aan die vereistes.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die MSD Studiebeurs-keurkomitee, Posbus 7748, Johannesburg, 2000. Aansoekvorms is ook by die Registrateurs van die verskillende universiteite beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-70

- a. MUNISIPALE BEURSE VAN SASOLBURG
- b. Munisipalewese
- c. Enige goedgekeurde universiteit of kollege
- d. Duur van kursus; jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Hoogstens R700 p.j. ten opsigte van tegniese graadkursusse
R550 p.j. ten opsigte van nie-tegniese graadkursusse
- f. Beurse word jaarliks toegeken aan skoliere en studente woonagtig in die Oranje-Vrystaat. Voorkeur word gegee aan aansoekers wie se ouers in Sasolburg woonagtig is of aansoekers wat in Sasolburg woon asook amptenare van die Raad.

'n Beurshouer moet onderneem om binne drie maande na voltooiing van die kursus in diens van die Raad te tree, op voorwaarde dat 'n geskikte vakature in daardie tyd bestaan. Sodanige persoon moet minstens vir dieselfde tydperk as dié waarvoor die beurs toegeken is in diens van die Raad bly.

Die beurs word gratis toegeken, maar indien 'n beurshouer in gebreke bly om tot die diens van die Raad toe te tree, of om vir die voorgeskrewe tydperk in sodanige diens te bly, of weens wangedrag uit die universiteit geskors word, kan die Raad vereis dat hy binne drie maande die volle bedrag aan die Raad terugbetaal.

Aansoeke moet gerig word aan die Stadsklerk, Posbus 60, Sasolburg, 9570. Nadere besonderhede is verkrygbaar van die voorgemelde adres.

A-71

- a. MUNISIPALITEIT RANDBURG - NA-MATRIKULASIESTUDIEBEURS
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit, kollege of inrigting in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, kan jaarliks hernieu word mits vordering bevredigend is
- e. R300 tot R600 p.j. vir 'n graadkursus aan 'n universiteit of vir 'n diplomakursus by 'n kollege of inrigting
- f. Beurse is beskikbaar aan studente van albei geslagte wie se ouers van blanke herkoms is en vir 'n tydperk van minstens twee jaar binne die Munisipaliteit Randburg woonagtig is. Voorkeur sal verleen word aan applikante wat nie ander beurse ontvang nie.

Die toekenning geskied onderworpe aan bevredigende bewys van goeie karakter, behoefte of geldelike omstandighede van die applikant se ouers, en skoolloopbaan. Indien twee applikante dieselfde voortreflikhede besit, moet die Raad of sy Komitee daartoe gemagtig, die hoof of hoofde van die skool of skole wat deur die applikante bygewoon is, raadpleeg ten einde inligting aangaande die applikante in te win.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Stadsklerk, Privaatsak X1, Hamburg, 2125.

Aansoeke moet skriftelik gedoen word en by die Stadsklerk nie later nie as 7 Desember van elke jaar ingedien word.

A-72

- a. MUNISIPALITEIT VAN UMTATA - BEURSE
 - b. Onbeperk
 - c. Enige universiteit of onderwyskollege
 - d. 3 jaar
 - e. R100 elk p.j.
 - f. Twee beurse word jaarliks beskikbaar gestel aan kinders van inwoners van Umtata. Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Stadsklerk, Munisipaliteit van Umtata, Posbus 45, Umtata, 5100.
-

A-73

- a. MURRAY & STEWART-BEURSE
- b. Siviele, Meganiese, Elektrotegniese, Marine- of Chemiese Ingenieurswese; Bouwetenskap; of Bourekenkunde
- c. Enige universiteit
- d. Jaarliks hernieubaar mits voorering bevredigend is
- e. Dek klasgelde, boeke, skryfbehoeftes en instrumente; en kan na gelang van omstandighede ook koshuigelde insluit
- f. Daar word van beurshouers verwag om gedurende die lang vakansies by die Maatskappy te werk. Na voltooiing van studie moet die beurshouer een jaar diens vir eike twee jaar van studie by die Maatskappy lewer.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van Mnr. P.L. Andersson, Murray & Stewart (Edms.) Bpk., Posbus 4854, Kaapstad, 8000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van Oktober.

A-74

- a. M.V.S.A. - BEURSE
- b. Agronomie, Grondkunde, Weidingsleer vir die B.Sc.(Agric.)- of B.Sc.-graad
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit vir Blankes
- d. 1 jaar; jaarliks hernieubaar mits voorering bevredigend is tot 'n maksimum van 4 jaar
- e. R500 p.j.
- f. Daar is geen werkskontrak met die Vereniging nie, en die beurs is nie terugbetaalbaar nie.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur, Die Misstovvereniging van Suid-Afrika, Posbus 1821, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie van elke jaar.

A-75

- a. NASIONALE KOERANTE - BEURSE
- b. 'n Goedgekeurde graadkursus met die oog op Joernalistiek
- c. Enige universiteit
- d. 3 jaar
- e. Klasinggelde, koshuisgelde plus R120 per jaar vir ander uitgawes
- f. Die beurse word deur Nasionale Koerante Beperk beskikbaar gestel vir manlike studente van die eerste- en tweedejaar - manstudente wat goed gepresteer het. Kandidate kan 'n kursus in enige rigting volg, mits hulle die basiese hoedanighede besit wat vir die joernalistiek vereis word.

Die suksesvolle kandidaat verbind hom om na graduering in die diens van Nasionale Koerante Beperk te tree en daarin te bly vir 'n tydperk van minstens vier jaar indien hy die beurs vir drie jaar ontvang het. Indien hy sy kontrak nie nakom nie, moet hy alle beursgelde wat aan hom uitbetaal is, terugbetaal tesame met rente.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Nasionale Pers Beperk, Posbus 2271, Kaapstad, 8000.

A-76

- a. NATALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSE VIR FISIOTERAPIE EN ARBEIDSTERAPIE
- b. Fisioterapie of Arbeidsterapie
- c. Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch of die Witwatersrand
- d. Duur van kursus
- e. R1 000 elk p.j.
- f. Die Natalse Provinsiale Administrasie bied jaarliks 'n klein getal beurse aan vir Blanke studente.

Die ontvanger van 'n beurs moet na kwalifisering die Administrasie vir een jaar dien ten opsigte van elke jaar wat daar van die beurs gebruik gemaak is, of in die geval van kontrakbreuk of terugtrekking van die lening, die volle bedrag van die lening terugbetaal plus 6 persent rente, bereken van die datum van kontrakbreuk.

'n Uitnodiging om aansoek om 'n beurs te doen word elke jaar gedurende Oktober in sekere Natalse koerante geadverteer.

Slegs Suid-Afrikaanse burgers mag oorweeg word en voorkeur word gegee aan kanidate woonagtig in Natal.

Nadere inligting is verkrygbaar van die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X9051, Pietermaritzburg, 3200.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-77

- a. NATALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSLENINGS VIR FARMASIE
- b. Farmasie
- c. 'n Erkende universiteit of kollege vir gevorderde tegniese onderwys
- d. 3 jaar
- e. R1 000 elk p.j. vir universiteitstudie
R630 elk p.j. vir studie aan 'n kollege

- f. Beurslenings is beskikbaar vir Blanke tweede-, derde- en vierdejaarstudente.

Keuring sal grotendeels gebaseer word op verslae wat van die student en sy betrokke universiteit of kollege ontvang word.

Die toekenning van die beurse sal beperk wees tot studente wat geen ander beurs wat deur diens terugbetaal moet word, ontvang nie.

Suksesvolle aansoekers moet 'n ooreenkoms onderteken wat onder andere bepaal dat hy/sy na kwalifisering die Administrasie vir een jaar sal dien ten opsigte van elke jaar wat daar van die beurslening gebruik gemaak is, of in die geval van kontrakbreuk of terugtrekking van die lening, hy/sy die volle bedrag van die lening plus 6 persent rente per jaar, bereken van die datum van kontrakbreuk, sal terugbetaal.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X9051, Pietermaritzburg, 3200.

Uitnodiging om aansoeke vir beurslenings word gewoonlik gedurende die laaste kwartaal van die jaar deur middel van koerantadvertensies gedoen. Aansoeke moet bogenoemde adres voor 31 Oktober bereik.

A-78

- a. NATALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSLENINGS VIR GENEESKUNDE
b. Geneeskunde
c. 'n Erkende universiteit
d. 5 jaar
e. R1 000 elk p.j.
f. Beurslenings word aan Blanke en Kleurlingmediese studente in hulle tweede tot sesde akademiese jaar toegeken.

Keuring berus by hierdie Departement en sal grotendeels gebaseer word op verslae wat ontvang word van die student en sy betrokke universiteit.

Daar sal van die suksesvolle aansoekers verwag word om 'n ooreenkoms te onderteken wat onder andere bepaal dat, indien die Administrasie dit verlang, die aansoeker na registrasie as 'n geneesheer die Administrasie moet dien as 'n voltydse mediese beampte vir 'n tydperk van een jaar ten opsigte van elke jaar wat daar van die beurslening gebruik gemaak is, of in die geval van kontrakbreuk of terugtrekking van die lening, die volle bedrag van die lening plus 6 persent rente per jaar, bereken van die datum van kontrakbreuk, sal terugbetaal.

Geen beurslening sal toegeken word aan persone wat alreeds 'n beurs of lening ontvang het van 'n ander instansie en wat terugbetaalbaar is deur die lewering van diens nie.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X9051, Pietermaritzburg, 3200.

Die sluitingsdatum vir die indiening van aansoeke by bogenoemde adres is 31 Oktober.

A-79

- a. NATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT - LENINGS
b. 'n Baccalaureusgraad en die Universiteitsonderwysersdiploma
c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
d. Duur van kursus

- e. R800 p.j.
- f. Leningstudente moet onderneem om na voltooiing van hulle studies in die Natalse Onderwysdepartement diens te gaan doen vir dieselfde tydperk as wat lenings aan hulle toegestaan was. Geen aftrekkings word van hulle salarisse gemaak nie. Die leningsdelgingskoers sal gelyk wees aan die koers waarteen die lening betaal is, afgesien daarvan of die onderwyser/es die kontraktydperk voltooi het of nie.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Direkteur van Onderwys, Natalse Onderwysdepartement, Piivaatsak X9044, Pietermaritzburg, 3200.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-80

- a. NEDBANK BPK. - STUDENTE-LENINGSKEMA
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. R400 - R800 p.j. met 'n totaal van hoogstens R2 000 vir die hele kursus
- f. Lenings is beskikbaar vir voltydse studente wat reeds die eerste studiejaar geslaag het.

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Bestuurder van enige tak van die Nedbank Beperk of by die Universiteitsagentskappe.

A-81

- a. NOK - VOORGRAADSE STUDIEBEURSE
- b. Ingenieurswese, Metallurgie, Chemie, Geologie, Ekonomiese en Rekeningwetenskappe en enige ander studiekursusse wat vir die nywerheidswese van belang mag wees
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R850 p.j.
- f. Applikante moet Suid-Afrikaanse burgers wees. Beurshouers moet onderneem om vir minstens 'n tydperk wat gelykstaande is aan die aantal studiejaar waarvoor hulle die beurs ontvang het, in diens van die Korporasie te bly. Indien nodig, mag daar van beurshouers verwag word om vakansie-opleiding teen vergoeding by die NOK of verwante organisasies te ondergaan.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, Raad van Trustees, Nywerheidontwikkelingskorporasie, Posbus 6905, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 September.

A-82

- a. NORISTAN-BEURSE
- b. Geneeskunde
- c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand en Rhodesië
- d. 1 jaar
- e. R500

- f. Voltooide aansoeke moet die Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde van die betrokke universiteit voor 30 November bereik om voor 31 Januarie aan die Sekretaris, Mediese Advieskomitee tot Noristan Laboratoria, voorgelê te word.

A-83

- a. NORISTAN-STUDIELENINGS
b. Geneeskunde of Farmasie
c. Universiteite in Suid-Afrika wat bogenoemde kursusse aanbied
d. Kyk f
e. Kyk f
f. Studielenings is beskikbaar gestel aan mediese studente van hul vierde akademiese jaar af en aan studente in Farmasie van hul voorlaaste jaar af.

Die lening sal 'n maksimum van R300 per jaar bedra en kan tot R600 per jaar verhoog word wanneer dit vir 'n tydperk langer as een jaar verlang word. Daar moet elke jaar afsonderlik aansoek gedoen word.

Die lenings is rentevry en terugbetaalbaar binne 'n tydperk van twee jaar van die datum af waarop die student kwalifiseer om as mediese praktisyn of as apteker te registreer.

Wanneer 'n aansoek om 'n lening oorweeg word, sal die komitee sowel die finansiële en persoonlike omstandighede as akademiese prestasie in aanmerking neem.

Aansoeke om lenings moet deur die universiteitsowerhede gedoen word en moet die Sekretaris van die Mediese of Farmaseutiese Advieskomitee voor 31 Januarie bereik.

A-84

- a. OLIVE SCHREINER - MERIETEBEURS
b. Onbeperk
c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
d. 1 jaar, hernieubaar vir hoogstens 3 jaar
e. R85 p.j.
f. Die merietebeurs is beskikbaar vir Suid-Afrikaanse vroue, ongeag ras, kleur of geloof. Aansoekers moet voltydse studente wees wat die voorafgaande jaar gematrikuleer het.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Eresekretaresse, Olive Schreiner-Merietebeurs, Parkweg 1, Rosebank, 7700. 'n Gefrankeerde en geadresseerde koevert moet by alle navrae om aansoekvorms ingesluit word.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-85

- a. OOS-LONDENSE MUNISIPALE BEURSFONDS
(i) Munisipale beurse
(ii) Munisipale beurslenings
b. (i) Eerste Baccalaureusgraad of 'n onderwysersdiploma
(ii) Siviele Ingenieurswese of Stadsbeplanning
c. Enige erkende universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is

- e. (i) R230 p.j.
(ii) R1 000 p.j.
- f. Die Stadsraad stel (i) Munisipale beurse en (ii) Munisipale beurslenings uit die Fonds beskikbaar.

Die ouers of voogde van applikante moet of belastingbetalers of inwoners van Oos-Londen wees en, in die geval van inwoners, moet hulle die afgelope twee jaar in die stad woonagtig gewees het.

Buite en behalwe enige werk wat die beurshouer vir die Raad mag verrig kragtens 'n ooreenkoms, mag hy geen besoldigde werk van enige aard verrig nie, maar sy aandag voltyd aan sy studies wy.

- (i) Nadere besonderhede ten opsigte van beurse is verkrygbaar van die Stausklark, Posbus 134, Oos-Londen, 5200.
- (ii) Nadere besonderhede ten opsigte van beurslenings is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Munisipaliteit Oos-Londen, Posbus 134, Oos-Londen, 5200.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is in November.

A-86

- a. OU MUTUAL - BEURSE
- b. Aktuariese rigting
- c. n Universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 3 jaar; kyk ook f
- e. Dek alle gulde (koshuis-, klas- ens.) plus 'n toelae van R100 p.j. vir boeke, met 'n totale maksimum van R1 000. Indien die student tuis woon, sal 'n toelae van R300 p.j. vir kos en inwoning aan hom toegestaan word.
- f. Die beurse is beskikbaar vir manlike studente wat met die oog op 'n aktuariese loopbaan 'n Baccalaureusgraadkursus wil volg. 'n Aansoeker moet saartoe in staat wees om in die Matrikulasi- of Senior Sertifikaatksamen 'n A-simbool in Wiskunde te behaal en in die eerste klas te slaag.

Die beurse word toegeken op voorwaarde dat 'n dienskontrak met die Ou Mutual aangegaan word. Die beurshouer moet vir ten minste dieselfde aantal jare as dié waarvoor die beurs toegeken is onmiddellik na voltooiing van sy graadkursus diens aanvaar. Indien daar nie aan bogenoemde voorwaardes voldoen word nie, is alle beursgelde terugbetaalbaar.

Die beurse is ook beskikbaar vir die vierjarige graadkursus B.Bus.Sc. (Aktuariese Wetenskap) wat deur die Universiteit van Kaapstad aangebied word.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Bestuurder, Aktuariese Bestuur, Die Ou Mutual, Posbus 65, Kaapstad, 8000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 September elke jaar.

A-87

- a. "OUTSPAN" SITRUSRAADBEURS
- b. B.Sc. Agric. met Tuinbou of Pomologie as hoofvak
- c. Universiteite van Natal, Pretoria of Stellenbosch
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar indien voerding bevredigend is
- e. R1 000 p.j.

- f. Die beurs is slegs vir manlike studente beskikbaar. Die beurshouer onderneem om die Sitrusraad een jaar vir elke jaar wat hy die beurs ontvang het, te dien. Indien sy studies onbevredigend is, moet hy die beursgelde terugbetaal.

Nauere besonderhede is verkrygbaar van die Bestuurder : Veld en Inspeksiedienste, S.A. Kooperatiewe Sitrusbeurs Beperk, Posbus 1158, Pretoria, 0001.

Aansoeke in die handskrif, met twee paslike getuigskrifte en gesertifiseerde matrieksimbole moet aan bogenoemde adres gerig word. Daar is geen sluitingsdatum vir aansoeke nie.

A-88

- a. PALABORA MINING COMPANY - STUDIEBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Enige goedgekeurde universiteit of opleidingskollege in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Registrasie-, klas-, eksamen- en koshuisgelde plus 'n algemene toelaag van R500 p.j.
- f. Hierdie beurse word jaarliks aan Blanke studente op grond van akademiese verdienste toegeken vir enige goedgekeurde universiteits- of diplomakursus. Oorweging sal geskenk word aan kursusse buite die Republiek in die geval van werknemers wat buite Suid-Afrika verwerf is.

Die volgende studente kom in aanmerking :

- (i) Kinders van P.M.C. werknemers;
- (ii) kinders van afgetrede werknemers van die P.M.C.;
- (iii) kinders van werknemers wat oorlede is terwyl hulle in diens van die Maatskappy was;
- (iv) kinders van Phalaborwa-irwoners - vir die doeleinde van die beursstruktuur word Phalaborwa omskrywe as die TPH voertuigregistrasie-distrik; en
- (v) kinders wat nie onder groepe (i) tot (iv) ressorteer nie, maar by die Hoërskool Frans du Toit, Phalaborwa gematrikuleer het. Aansoeke van kinders in hierdie kategorie sal net aanvaar word in die jaar waarin die betrokke kinders hul Matrikulasie of gelykstaande eksamen aflê.
- (vi) Universiteitstudente wat net die eerste studiejaar met sukses voltooi het en die voorwaardes (i) tot en met (iv) nakom. Meer gevorderde studente kom nie in aanmerking nie.

Beurshouers mag nie enige ander beurs hou sonder die goedkeuring van die Beurskomitee nie.

Aansoekvorms en nadere besonderhede is verkrygbaar van die Sekretaris, Beurskomitee, Palabora Mining Company Limited, Posbus 65, Phalaborwa, 1390.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September van elke jaar.

A-89

- a. PHILIP NEL- VOLKSKAS-GEDENKFONDS
- b. Onbeperk
- c. 'n Afrikaanse universiteit of ander goedgekeurde nasionale opleidingsinstansie binne die Republiek van Suid-Afrika
- d. Jaarliks hernieubaar vir hoogstens 4 jaar
- e. Maksimum R300 p.j.

- f. Slegs kinders van Volkskas-amptenare, -pensioentrekkers of afgestorwe Volkskas-amptenare wie se dienste by Volkskas deur die dood beëindig is, kan aansoek doen.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Boedel en Trustbestuurder, Volkskas Beperk, Trustafdeling, Posbus 578, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember elke jaar.

A-90

- a. PHILIPS ELEKTRONIKA - MERIETEBEURS
b. Elektrotegniese Ingenieurswese (Swakstroom)
c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
e. R650 p.j.
f. Die merietebeurs is slegs vir Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar. Die enigste maatstaf vir die toekenning van bourse is akademiese prestasie. Daar word nie na die kandidaat se ekonomiese omstandighede verwys nie. Beurshouers moet onderneem om na behaling van die graad B.Sc. Elektrotegniese Ingenieurswese (Swakstroom), by die Maatskappy vir 'n tydperk van twee jaar in diens te tree.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groep-personeelbestuurder, Suid-Afrikaanse Philips (Edms) Beperk, Posbus 7703, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-91

- a. PRINSLOO-WOLMARANS-STUDIEFONDS
b. Onbeperk
c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit; in enkele gevalle vir oorsese studie
d. Jaarliks toegeken; hernieubaar mits vordering bevredigend is
e. Word bepaal volgens behoefte
f. Studieleninge is beskikbaar vir behoeftige studente.

Voorkeur word gegee aan studente wat verwante is aan die Prinsloo- en Wolmarans-families waarvan die oorledenes afkomstig is.

Nadere inligting en aansoekvorms is verkrygbaar van die Administrateur, mnr. A.E. van N. Herbst, Prinsloo-Wolmarans Studiefonds, Posbus 2368, Pretoria, 0001.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie van elke jaar.

A-92

- a. PROFESSIONELE EKSAMENBEURSE
b. Staatsdiensksamens in die Regte, die Prokureurstoelatingksamens, B.Juris of B.Proc., of 'n universiteitseksamen in die Regte (nie LL.B. nie) wat amptelik deur die Raad vir die Erkennung van Regksamens as gelykstaande erken word
c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
d. 1 jaar, hernieubaar op grond van goeie vordering
e. R100 elk p.j.

- f. Vier beurse is beskikbaar vir kandidate wie se matrikulasië- of universiteits-uitslae besonder goed is en wat behoefte het aan finansiële hulp.

Aansoekvorms is verkrygbaar van die Sekretaris, Komitee van Universiteitshoofde, Posbus 27392, Sunnyside, Pretoria, 0132.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-93

- a. QUENTIN SMYTHE-GEDENKBELURS
b. Onbeperk
c. enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
d. 3 jaar
e. R500 p.j.
f. Die beurs is beskikbaar vir leerlinge van die Hoërskool Estcourt. Die toekenning gekind hoofsaaklik op grond van akademiese prestasies wat in die Natalse Senior Sertifikaateksamen behaal is.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Skoolhoof, Hoërskool Estcourt, Privaatsak X770, Estcourt, 3310, Natal.

A-94

- a. RAAD OP ATOOMKRAG - VOORGRAADSE BEURSE
b. Organiese, Metallurgiese, Elektrotegniese of Chemiese Ingenieurswese; Materiaalwetenskap, Metallurgie, Wiskunde, Fisika, Chemie, Biochemie, Mikrobiologie, Rekenaarwetenskap of Biblioteekkunde
c. enige Suid-Afrikaanse universiteit
d. Duur van kursus, jaarliks hernieubaar
e. Vereiste beurg tot 'n maksimum van R1 000 p.j.
f. Kandidate moet 'n gemiddelde van ten minste 65 persent in die matrikulasië-eksamen behaal het.

Aansoeke moet gerig word aan die Personeelbeampte, Raad op Atoomkrag, Privaatsak X250, Pretoria, 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-95

- a. RAND CARBIDE-BELURS
b. B.Sc. Ingenieurswese
c. 'n Goedgekeurde Suid-Afrikaanse universiteit
d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is vir 'n maksimum van vier jaar
e. Losiesgelde, klasgelde en 'n klein persoonlike toelaag
f. Om in aanmerking te kom vir 'n beurs moet die applikant in een van die landdroesdistrikte van Bronkhorstspuit, Witbank, Middelburg (Tvl.), Belfast, Delmas of Bethal woonagtig wees; en 'n eersteklasslaagsyfer in die Matrikulasië- of Matrikulasiëvrystellingsëksamen behaal het. Daar kan van die beurshouer verwag word om na voltooiing van sy studies by die Maatskappy in diens te tree.

Aansoeke op die voorgeskrewe vorms wat verkrygbaar is van die Werksbestuurder, Rand Carbide Beperk, Posbus 214, Witbank, of van die Sekretaris, Rand Carbide Beperk, Posbus 4360, Johannesburg, 2000, moet voor 31 Desember ingedien word.

A-96

- a. RANDWATERRAADBEURSE
- b. Chemiese, Meganiese, Elektrotegniese, Elektroniese of Siviele Ingenieurswese; Sielkunde; Regsgeleerdheid; Handel of Administrasie
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. Registrasie-, klas-, eksamen- en losiesgelde aan die universiteit betaalbaar plus 'n bedrag van R200 aan die beurshouer vir die aankoop van boeke, instrumente ens.
- f. Die beurse is beskikbaar vir Blanke Suid-Afrikaanse burgers vir voltydse graadstudie. Applikante moet gegraduateerdes wees, of ongegraduateerdes aan 'n universiteit, of gematrikuleerdes of skoliere wat die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen aan die einde van die lopende jaar sal aflê, wees.

Nadere inligting en aansoekvorms is verkrygbaar van die Personeelbestuurder, Randwaterraad, Posbus 1127, Johannesburg, 2000.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-97

- a. RHODES-MERIETEBEURSE
- b. Enige graad wat deur die Universiteit van Oxford toegeken word en waarvoor die kandidaat in aanmerking kom
- c. Universiteit van Oxford
- d. 2 of 3 jaar
- e. £1 950 elk p.j.
- f. Merietebeurse word jaarliks toegeken en word soos volg toegewys : Vier merietebeurse vir Suid-Afrika as geheel; een merietebeurs elk aan Natal; die Diocesaan-kollege, Rondebosch; die Paul Roos-gimnasium, Stellenbosch; St. Andrewkollege, Grahamstad; en die Suid-Afrikaanse Kollege-skool, Kaapstad.

Die volgende bepalinge waarvolgens kandidate in aanmerking kan kom, is van toepassing op Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika en Swaziland, met uitsondering van die vier skole waarvoor daar spesiale aanvullende regulasies is.

- (i) 'n Kandidaat moet 'n manlike Suid-Afrikaanse burger of Britse onderdaan of 'n burger van Botswana, Lesotho of Swaziland wees wat ten minste vyf jaar in Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika of Swaziland woonagtig was, en moet ongetroud wees.
- (ii) Kandidate moet bo negentien jaar maar onder vyf-en-twintig jaar oud wees op 1 Oktober in die jaar van toekenning.
- (iii) Kandidate moet een-en-twintig maande se studie aan 'n universiteit in Suid-Afrika of aan enige universiteit in die wêreld voltooi het, of in besit wees van ander kwalifikasies wat vir die Universiteit van Oxford aanvaarbaar is.
- (iv) Kandidate mag aansoek doen om die merietebeurs vir Suid-Afrika as geheel indien hulle woonagtig is of 'n aansienlike deel van hul opleiding in Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika of Swaziland ontvang het. Kandidate mag aansoek doen om die Natalse merietebeurs indien hulle woonagtig is of 'n aansienlike deel van hulle opleiding in dié provinsie ontvang het.

Wanneer benoemings gedoen woru, word die volgende hoedanighede in aanmerking geneem : Literêre en skolastiese bekwaamhede; manlike hoedanighede, eerlikheid, moed, toewyding aan diens, simpatie teenoor en beskerming van die swakkeres, goedhartigheid, onselfsugtigheid en kameraadskap; bewys van morele standvastigheid van karakter, leierseienskappe en belangstelling in sy medemens; liggaamlike krag soos bewys deur 'n liefde vir en sukses behaal in manlike opelugsport.

Afskrifte van die Memorandum waarin volle besonderhede van die Rhodes-merietebeurs gegee word, is van die Sekretarisse van die Keurkomitees asook van die Algemene Sekretaris van Rhodes-merietebeurse verkrygbaar.

Sekretarisse van die Keurkomitees in Suid-Afrika :

Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika en Swaziland :	Mnr. J.S. Kane-Berman, Posbus 41468, Craighall, 2024
Kaapprovinsie :	Mnr. P.N. Sauerma, Posbus 3132, Kaapstad, 8000
Natal :	Mnr. R.O. Donellan, 802 Fenton House, Fentonweg, Durban, 4001
Oranje-Vrystaat :	Mnr. H.J. Newdigate, Posbus 501, Bloemfontein, 9300
Transvaal :	Mnr. W. Héfer, Posbus 61587, Marshalltown, 2107, of Main- straat 44, Johannesburg, 2001
Algemene Sekretaris vir Rhodes-merietebeurse in Suid-Afrika :	Mnr. R.S. Welsh, Q.C., Posbus 41468, Craighall, 2024.

A-98

- a. RICHARD CARTE-BEURS
- b. Landbou - Suiwelkunde; of Meganiese Ingenieurswese waar dit 'n omvattende kursus in suiwelingenieurswese insluit
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika wat die kursus aanbied
- d. Vier jaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurshouer moet onderneem om, nadat hy sy graad verwerf het, die suiwelbedryf van Suid-Afrika vir 'n tydperk van minstens drie jaar te dien.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Groep-personeelbestuurder, Nasionale Suiwelkoöperasie Beperk, Posbus 1579, Johannesburg, 2000.

